

100 JAAR 2019
van LIEFDE vir die LAND

# 2019

vkb

Jaarverslag

# GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID

| | |
|---|---|
| Handelstakke | 51 |
| Handelsdepots | 9 |
| Meganisasietakke | 12 |
| Graanfasiliteite | 22 |
| Bandediens | 1 |
| Meeldepots | 25 |
| Mieliemeulens | 5 |
| Koringmeule | 1 |
| Versekering | 12 |
| Verspreidingsentrums | 3 |
| Bakkerye | 3 |
| Verpakkingsaanlegte | 2 |
| Braaikuikenabattoir | 1 |
| Veevoerfabrieke | 2 |
| Sojaboonpersaanleg | 1 |
| Saadverwerkingsaanlegte | 2 |
| Koelkamer | 1 |
| Vulstasies | 7 |
| Takbrandstofpunte | 59 |
| VKB Foods | 3 |

02



# INHOUDSOPGAWE


02 Geografiese teenwoordigheid
04 Vyfjaaroorsig: VKB Groep.................................................... 04
05 Finansiële hoogtepunte
10 Raad van Direkteure
12 Voorsittersverslag
16 Bestuursoorsig.................................................... 16
20 Landbouverslag
24 Nywerhedeverslag
28 Korporatiewe Beheerverslag
33 Sosiale en Etiekkomiteeverslag.................................................... 33
39 Oudit-, Risiko- en Geleentheidsbestuurskomitee-verslag
41 Direkteure se verantwoordelikhede en goedkeuring
42 Direkteure se verslag
44 Gekonsolideerde staat van finansiële posisie.................................................... 44
46 Gekonsolideerde staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste
48 Gekonsolideerde staat van kontantvloei
51 Korporatiewe inligting




100 2019 JAAR van LIEFDE vir die LAND

# VYFJAAROORSIG
# VKB GROEP




04

| GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE | 2015<br>12 mde<br>R'm | 2016<br>12 mde<br>R'm | 2017<br>12 mde<br>R'm | 2018<br>12 mde<br>R'm | 2019<br>12 mde<br>R'm |
|---|---|---|---|---|---|
| Verkope | 7 505 | 8 779 | 9 764 | 10 446 | 10 720 |
| Bedryfswins | 390 | 489 | 355 | 724 | 604 |
| Resultate van geassosieerdes | 7 | 14 | (1) | 5 | 8 |
| Finansieringskoste | (102) | (168) | (241) | (205) | (231) |
| Beleggingsinkomste | 6 | 11 | 9 | 10 | 24 |
| **Wins voor aansporingskorting** | 300 | 346 | 123 | 534 | 406 |
| Aansporingskorting | (228) | (200) | (215) | (260) | (250) |
| **Wins voor belasting** | 73 | 146 | (92) | 274 | 156 |
| Belasting | (10) | 4 | 47 | (59) | (86) |
| **Wins na belasting** | 63 | 150 | (46) | 215 | 69 |
| Aansporingskorting | 228 | 200 | 215 | 260 | 250 |
| Dividende verklaar | 20 | 30 | 0 | 40 | 30 |
| Dividendkoers | 2,28% | 2,88% | 0,00% | 3,09% | 2,12% |
| **GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE** | | | | | |
| Niebedryfsbates | 1 094 | 1 581 | 1 922 | 1 910 | 2 143 |
| Bedryfsbates | 3 103 | 4 261 | 4 372 | 4 587 | 4 774 |
| Totale bates | 4 197 | 5 842 | 6 294 | 6 497 | 6 917 |
| Aandelekapitaal | 1 382 | 1 525 | 1 665 | 1 829 | 1 911 |
| Reserwes | 228 | 371 | 222 | 395 | 458 |
| Totale ekwiteit | 1 610 | 1 896 | 1 887 | 2 225 | 2 369 |
| Minderheidsbelang | (10) | 92 | 66 | 80 | 48 |
| Niebedryfslaste | 375 | 386 | 543 | 718 | 653 |
| Bedryfslaste | 2 222 | 3 468 | 3 798 | 3 475 | 3 847 |
| Totale ekwiteit en laste | 4 197 | 5 842 | 6 294 | 6 497 | 6 917 |
| **WINSGEWENDHEID EN PRODUKTIWITEIT** | | | | | |
| Opbrengs op totale bates | 10% | 9% | 6% | 11% | 9% |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang | 19% | 18% | 6% | 24% | 17% |
| Bate-omsetsnelheid (aantal keer) | 2,09 | 1,76 | 1,56 | 1,82 | 1,66 |
| Bedryfswins as % van inkomste | 5% | 6% | 4% | 7% | 6% |
| **SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT** | | | | | |
| Eiekapitaalverhouding | 38% | 32% | 30% | 34% | 34% |
| Totale bates tot totale laste | 1,62 | 1,52 | 1,45 | 1,55 | 1,54 |
| Rentedekking (aantal keer) | 3,93 | 3,06 | 1,51 | 3,60 | 2,76 |
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,40 | 1,23 | 1,15 | 1,32 | 1,24 |
| Vuurproefverhouding | 1,02 | 0,84 | 0,84 | 0,99 | 0,94 |

Nota
Verhoudings is verwerk na 12 maande waar van toepassing.


# FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

05














# 06 FINANSIËLE HOOGTEPUNTE
## VERVOLG


### AANSPORINGSKORTING (R)





### WINS VOOR RENTE, BELASTING EN AANSPORINGSKORTING (EBIT) (R)




### DIVIDENDE VERKLAAR (R)






### DIVIDENDKOERS





# FINANSIËLE HOOGTEPUNTE
## VERVOLG

07











# 08 FINANSIËLE HOOGTEPUNTE
## VERVOLG









# vir die LIEFDE van die LAND

# 09

100 2019 JAAR van LIEFDE vir die LAND

# RAAD VAN DIREKTEURE

## VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK.



**PAUL CARSHAGEN**

WYK 1 VOORSITTER
NOMINASIEKOMITEE
MENSLIKE HULPBRONNEKOMITEE



**COENRAAD FICK**

WYK 1 ONDERVOORSITTER
OUDIT-, RISIKO- EN
GELEENTHEIDSBESTUURSKOMITEE
NOMINASIEKOMITEE



**DIRK VILJOEN**

WYK 2
VRYSTAAT LANDBOU
UITVOERENDE KOMITEE



**IZAK DREYER**

WYK 3
OUDIT-, RISIKO- EN
GELEENTHEIDSBESTUURSKOMITEE



**SAKKIE BOSMAN**

WYK 4
VRYSTAAT LANDBOU
UITVOERENDE KOMITEE



**BEN GREYLING**

WYK 5
VRYSTAAT LANDBOU
UITVOERENDE KOMITEE



**DAN KRIEK**

WYK 6 SOSIALE EN ETIEKKOMITEE
MENSLIKE HULPBRONNEKOMITEE
NOMINASIEKOMITEE



**STEPHAN FOURIE**

WYK 7



**PHILIP CRONJÉ**

WYK 8
SOSIALE EN ETIEKKOMITEE
VRYSTAAT LANDBOU
UITVOERENDE KOMITEE



**JAPIE VAN DER GOOT**

WYK 15
SOSIALE EN ETIEKKOMITEE,
LIMPOPO LANDBOU
UITVOERENDE KOMITEE



**LEON EKSTEEN**

WYK 15
OUDIT-, RISIKO- EN
GELEENTHEIDSBESTUURSKOMITEE
LIMPOPO LANDBOU
UITVOERENDE KOMITEE



**HUMAN DU PREEZ**

WYK 15
SOSIALE EN ETIEKKOMITEE
LIMPOPO LANDBOU
UITVOERENDE KOMITEE



**GERT NEL**

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE
DIREKTEUR, OUDIT-, RISIKO- EN
GELEENTHEIDSBESTUURSKOMITEE
MENSLIKE HULPBRONNEKOMITEE



**KOOS JANSE VAN RENSBURG**

BESTURENDE DIREKTEUR:
VKB GROEP



**MARKUS MITTERMAIER**

UITVOERENDE DIREKTEUR:
FINANSIES VKB GROEP

# RAAD VAN DIREKTEURE

## VKB LANDBOU (EDMS.) BPK.



**KOOS JANSE VAN RENSBURG**

BESTURENDE DIREKTEUR:
VKB GROEP



**MARKUS MITTERMAIER**

UITVOERENDE DIREKTEUR:
FINANSIES VKB GROEP



**FRANCOIS FRONEMAN**

UITVOERENDE DIREKTEUR:
LANDBOUDIENSTE



**FRANCOIS SWANEPOEL**

UITVOERENDE DIREKTEUR:
KOMMERSIËLE DIENSTE



**MOSES MAINE**

UITVOERENDE DIREKTEUR:
TRANSFORMASIE



**ISAAC MOTAUNG**

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE
DIREKTEUR

## VKB AGRI PROCESSORS (EDMS.) BPK.



**KOOS JANSE VAN RENSBURG**

BESTURENDE DIREKTEUR:
VKB GROEP



**SAS KASSELMAN**

BESTURENDE DIREKTEUR:
VKB AGRI PROCESSORS (EDMS.) BPK.



**MOSES MAINE**

UITVOERENDE DIREKTEUR:
TRANSFORMASIE



**DEON VAN DER ROSS**

UITVOERENDE DIREKTEUR:
KORPORATIEWE
BEMARKING &
KLEINHANDEL



**NHLANHLA MADALANE**

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE
DIREKTEUR



**PG STRAUSS**


ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE
DIREKTEUR



**ISAAC MOTAUNG**

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE
DIREKTEUR

# VOORSITTERSVERSLAG



**PAUL CARSHAGEN**
Voorsitter

## VKB GROEP PRESTEER BEVREDIGEND

Die VKB Groep het sy 100ste bestaansjaar afgesluit met voortreflike finansiële resultate. Hoewel die Groep die 100 jaar-mylpaal graag sou wou vier met rekordresultate, is die wins voor belasting van R405 miljoen beduidend laer as die vorige jaar se rekordresultate. Dit is egter steeds bevredigend, gesien in die lig van die moeiliker ekonomiese en landbou-omstandighede wat gedurende die jaar ervaar is.

VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") se twee divisies (Vrystaat-divisie en Limpopo-divisie) het hulle stabiele prestasie van die afgelope aantal jare voortgesit, maar die swak prestasie van 'n enkele filiaal het die resultate van VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. negatief beïnvloed. Die omvang van die verlies van VKB Flour Mills (Edms.) Bpk. ("VKB Flour Mills") en die gepaardgaande waardedaling wat op die belegging voorsien moes word, het die VKB Groep verhoed om weer die R500 miljoen-winskerf te oorskry.

Wat egter verblydend is, is dat die nuwe toevoegings tot die VKB Groep almal 'n billike bydrae gelewer het tot die jaar se resultate en word met verwagting uitgesien na die bydrae wat Multi Green (Edms.) Bpk. en VKB Auction Centre (Edms.) Bpk. tot die VKB Groep sal maak.

Die groepresultate het VKB in staat gestel om 'n aansporingskorting van R250 miljoen aan sy kliënte te betaal ingevolge VKB Landbou se unieke aansporingskortingsmodel. Benewens hierdie aansporingskorting het die Groep ook 'n dividend van R30 miljoen betaal aan sy aandeelhouers.

## EKONOMIESE AGTERGROND

Die wêreldekonomie se groei het afgeplat, gegewe die verlangsaming van China se ekonomie. Ook die Europese ekonomie is traag as gevolg van Brexit en onduidelikheid oor die uiteindelike implikasies daarvan. Die internasionale ekonomie word verder nadelig getref deur die Verenigde State van Amerika ("VSA") se beleid wat daarop toegespits is om Amerika eerste te stel, wat ernstige implikasies vir die wêreldekonomie inhou en die normale vraag en aanbod versteur. Die handelsoorlog tussen die VSA en China het 'n wêreldwye invloed en beïnvloed ook Suid-Afrika se ekonomie direk.

Die duidelike tweespalt binne die Suid-Afrikaanse regering knou sakevertroue en veroorsaak groot ekonomiese onsekerheid. Die risiko van ekonomiese afgradering hang steeds soos 'n swaard oor Suid-Afrika se

kop. Al hierdie aangeleenthede plaas 'n demper op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Weens die groot impak van die klimaat op landbou in Suid-Afrika en die droogte wat steeds in groot dele van die land heers, asook reën wat in ander dele te laat gekom het, is die produsente in groot dele van Suid-Afrika steeds onder druk.

Hierdie aangeleenthede het 'n groot invloed op die stabiliteit van die sake-omgewing, wisselkoerse en gepaardgaande beleide, wat die daaglikse bestuur van ondernemings bemoeilik.

## VKB LANDBOU (EDMS.) BPK.

Die VKB Groep se bestaan en voortbestaan is totaal afhanklik van die landbougemeenskap wat dit bedien. VKB is 100 jaar gelede gestig met die oog daarop om die landbouprodusent van diens te wees deur 'n omgewing te skep waar die produsent kan fokus op produksie, en VKB vertrou word met die voorsiening van landbou-insette en -dienste, sowel as die voorsiening van relevante inligting wat belangrik is om die korrekte produksie- en bemarkingsbesluite te neem. Dit is vandag nog steeds die kernrede vir VKB se bestaan.

Die Vrystaat-divisie het dieselfde goeie resultate as die vorige jaar behaal ten spyte van baie moeiliker ekonomiese en landbou-omstandighede. Die VKB Groep is geseënd om in 'n baie stabiele landbou-omgewing sake te doen en die groot oes van die vorige jaar het 'n inkomstestroom laat oorvloei na die 2019 finansiële jaar. Die Limpopo-divisie het eweneens 'n goeie bydrae tot die Groep se wins gelewer.

## VKB AGRI PROCESSORS (EDMS.) BPK.

Naas VKB se primêre doelwit om die landbouprodusent van diens te wees, wil die Groep ook 'n mark skep vir die produsent se produkte en waarde toevoeg tot die produkte. Sodoende word die landbouprodusent die geleentheid gebied om te deel in die waarde wat stroomaf in die landbouwaardeketting gegenereer word.

Met 'n enkele uitsondering het VKB se nywerhede bevredigende resultate gelewer. Alhoewel nie so voortreflik soos vorige jare nie, het die braaikuikens, oliepers en die veevoeraanlegte bevredigend presteer. Die uitsondering was die koringmaal- en -bakbedryf wat swak gevaar het gedurende die afgelope jaar. Die prestasie van die nywerhede is effens gedemp deur die omvang van hoendervleisinvoere na Suid-Afrika en die duurder grondstofkoste by al die nywerhede.

Die teleurstellende resultate van VKB Flour Mills het die groepresultate nadelig beïnvloed met R91,6 miljoen weens die verlies wat die maatskappy die afgelope jaar gely het en die gepaardgaande waardedaling op die belegging.

## STRATEGIESE ONTPLOOIING

VKB is voortdurend besig om te investeer in die totale landbouwaardeketting en poog om sy fasiliteite en dienste op wêreldstandaard te handhaaf. Die vergroting van die Groep se geografiese voetspoor in Mpumalanga en KwaZulu-Natal hou groot belofte in vir die toekoms.

Die prestasie van VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. onderskryf die meriete van die waardetoevoegingstrategie. Die Direksie is steeds van mening dat dit die regte strategie is en dat, gegewe 'n gelyke internasionale speelveld, die nywerhede in die toekoms nog groot waarde vir VKB se aandeelhouers en belanghebbendes sal bied. Die beplanning van 'n broeiery om dag oud kuikens aan Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. se kontrakgroeiers te voorsien, het 'n aanvang geneem. Dit sal die blootstelling aan 'n tekort aan dag oud kuikens verminder in tye van skaarste, soos tydens die onlangse voëlgrieppandemie.

Die onlangse bekendmaking van die verkryging van 'n belang in BKB Beperk ("BKB") deur VKB skep geleenthede vir die toekoms, wat 'n beduidende effek op die toekomstige strategie van VKB kan hê. Die potensiële sinergie tussen die maatskappye is groot en strek oor verskeie terreine. Meegaande is van die belangrikste sinergie wat ondersoek word:

- VKB het reeds vir 'n geruime tyd 'n verklaarde strategiese doel om in die lewendehawebedryf betrokke te raak. VKB se kliëntebasis bied waardevolle geleenthede in hierdie verband. BKB het 'n 100 jaar oue gevestigde handelsmerk en is waarskynlik die markleier op hierdie gebied.
- Soos VKB, het BKB ook kleinhandelwinkels, maar met weinig, indien enige, geografiese oorvleueling. Gesamentlik vergroot die geografiese voetspoor tot bykans 'n nasionale voetspoor. Dit bied geleenthede om die ekonomie van skaal tussen die maatskappye te benut deur, onder andere, gedeelde kostes.
- VKB en BKB het albei belê in verwerkingsaanlegte van landbouprodukte. Die twee maatskappye se produkte bevat reeds 'n redelike komponent van die basiese voedselmandjie wat vandag in elke huishouding gebruik word. Die kleinhandelwinkels bied ook 'n addisionele afsetgebied vir produkte.
- Inligtingstegnologiekostes vorm 'n wesenlike deel van besighede se oorhoofse kostes. Die ontwikkeling van eie stelsels is duur en tydrowend. Deur moontlike toekomstige samewerking kan die twee maatskappye meer bereik met die bestaande kapasiteit tot elkeen se beskikking.
- Swart ekonomiese bemagtiging ("SEB") raak toenemend belangrik in die Suid-Afrikaanse sake-omgewing. Beide maatskappye ervaar dieselfde uitdagings om op 'n sinvolle wyse uitvoering te gee aan 'n bemagtigingstrategie. 'n Gesamentlike oplossing kan beide maatskappye se uitdagings aanspreek.

Die suksesvolle implementering van die transaksie met BKB kan 'n kwantumsprong in die voortbestaan en volhoubare groei van beide trotse handelsmerke wees. VKB koester hoë verwagtinge en is opgewonde oor die geleenthede wat hierdie transaksie kan inhou.

## TRANSFORMASIE

Die toenemende druk vir ekonomiese transformasie skep bepaalde uitdagings vir besighede in Suid-Afrika, maar dit skep ook unieke geleenthede. VKB moet homself posisioneer om hierdie uitdagings in geleenthede te omskep en bemagtiging aan te pak tot voordeel van sy aandeelhouers, personeel en die ander belanghebbendes van die maatskappy.

VKB is ten volle verbind tot die regering se beleid oor transformasie en glo dat alle Suid-Afrikaners gelyke geleenthede moet geniet. Daarom word geleenthede aan werknemers gebied om te groei binne die onderneming. VKB is daartoe verbind om werknemers van kleur die geleentheid van versnelde ontwikkeling en blootstelling te bied, en is trots op die geïntegreerde werkplek wat VKB bied. Dit is belangrik vir VKB om transformasie te implementeer op sodanige wyse dat kwaliteit en diens van uitstaande gehalte deurgaans gelewer word.

Gegewe VKB se vordering op die gebied van transformasie, voldoen die Groep aan die wetlike vereistes vir SEB en gelyke indiensneming. Intensiewe fokus word geplaas op voldoeningsvlakke sodat die besigheid en sy produsente daarby kan baat vind.

# VOORSITTERSVERSLAG VERVOLG



## PROGNOSE VIR 2020

Elke jaar bied sy eie uitdagings en skep sy eie geleenthede. Die produksie van die 2019-someroes wat tans ingesamel word, het met tye geweldig wipplank gery. Aanvanklik is gesukkel om die oes in die grond te kry en daarna is droë periodes op kritieke stadiums beleef, en later het 'n oormaat reën weer in sekere streke voorgekom. Gegewe al die uitdagings, is VKB dankbaar vir die redelike oes wat tot op hede ingesamel is. Die wisselvalligheid van die oes het gelukkig geleenthede vir produsente geskep om teen billike pryse te bemark. Gevolglik word uitgesien na 'n billike 2020 en indien gekapitaliseer kan word op die positiewe vordering wat tans by VKB Flour Mills waargeneem word, kan 2020 ontwikkel in 'n baie goeie jaar.

## DANKBETUIGINGS

Ek wil die geleentheid gebruik om my opregte dank uit te spreek teenoor die volgende:

- produsente vir hulle voortgesette lojale ondersteuning.
- my mededirekteure vir hulle toewyding en visie.
- ons Uitvoerende Bestuur en personeel wat die onderneming met soveel toewyding dien.
- ons verskaffers en graanafnemers met wie ons jarelange verbintenisse het en wat ons onderneming getrou ondersteun.
- spesiale dank aan die Direksie van BKB vir die geleentheid om in BKB te belê en die potensiële geleentheid om hierdie twee handelsmerke saam te ontwikkel.

Ons wil ook in diepe afhanklikheid ons Hemelse Vader dank vir die seën wat Hy so onverdiend oor ons onderneming uitstort.




# 15

# vir die LIEFDE van die LAND

# BESTUURSOORSIG

## VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2019



KOOS JANSE VAN RENSBURG

MARKUS MITTERMAIER

16

**Op jaareinde reflekteer VKB se gekonsolideerde netto wins voor belasting en aansporingskorting**

R406 miljoen

100 2019 JAAR van LIEFDE vir die LAND

## BESTUURSOORSIG VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2019 (Vervolg)

Hoewel die VKB Groep ("VKB") se resultate swakker is as die vorige jaar se rekordsyfers, is dit steeds die naashoogste wins in VKB se geskiedenis. Ten spyte van 'n kleiner graanoes het die landboudivisie weer rekordresultate behaal. Die nywerhededivisie kon egter nie die uitstekende prestasie van die vorige jaar herhaal nie.

In die landboudivisie het feitlik al die bedrywe goeie resultate behaal en hoewel die graanoes kleiner was as die vorige jaar, was dit nog steeds 'n bogemiddelde oes gemeet teen die langtermyngemiddeld van die gebied. Wat die nywerhede betref, was grondstofpryse vir die grootste deel van die jaar redelik konstant en het dit die wisselvalligheid van bruto marges grootliks uitgeskakel. Alhoewel grondstofpryse nie so baie gefluktueer het nie, was marges onder druk by die meeste verwerkingsaanlegte weens volgehoue mededinging in die mark. Volumes by sekere van die aanlegte is ook nog nie op maksimum kapasiteit nie en daar is ruimte vir groei. Die laer marges en volumes het dus die winsgewendheid van die nywerhede negatief beïnvloed. VKB se hoenderabattoir het 'n billike wins gerealiseer en dit was te verwagte dat die vorige jaar se uitsonderlike wins nie herhaal sou word nie. Die Groep se diversifikasiestrategie en die goeie prestasie van die landbou- en nywerhededivisies vorm die basis vir die goeie resultate wat behaal is.

## GROEPRESULTATE

Op jaareinde reflekteer VKB se gekonsolideerde netto wins voor belasting en aansporingskorting R406 miljoen teenoor die vorige jaar se R534 miljoen.

**Tabel 1: Wins/(Verlies) voor belasting van die Groep se filiale en verwante maatskappye vir die afgelope twee jaar**

| Naam | Aandeelhouding (%) | Wins/(Verlies) 2018 (R) | Wins/(Verlies) 2019 (R) |
|---|---|---|---|
| VKB Beleggings (Edms.) Bpk. | 100 | 40,4 miljoen | 29,1 miljoen |
| VKB Landbou (Edms.) Bpk. | 100 | 300,1 miljoen | 317,4 miljoen |
| Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. | 100 | 204,6 miljoen | 72,9 miljoen |
| TripleV Animal Feeds (Edms.) Bpk. | 100 | 1,8 miljoen | 4,3 miljoen |
| VKB Milling (Edms.) Bpk. | 100 | 25,5 miljoen | 30,1 miljoen |
| Vhembe Milling (Edms.) Bpk. | 57,7 | (3,2 miljoen) | (0,5 miljoen) |
| Free State Oil (Edms.) Bpk. | 100 | 35,7 miljoen | 27,9 miljoen |
| VKB Flour Mills (Edms.) Bpk. | 100 | (81,1 miljoen) | (57,1 miljoen) |
| QPro Feeds (Edms.) Bpk. | 100 | 5,1 miljoen | (2,5 miljoen) |
| Crown Bag (Edms.) Bpk. | 100 | (0,8 miljoen) | (2,8 miljoen) |
| AE Solutions (Edms.) Bpk. | 33,7 | 9,5 miljoen | 9,1 miljoen |
| VKB Brokers (Edms.) Bpk. | 100 | 11,0 miljoen | 11,2 miljoen |
| Farmpack (Edms.) Bpk. | 37 | 18,0 miljoen | 22,2 miljoen |
| Multi Green (Edms.) Bpk. | 53 | 6,0 miljoen | 9,1 miljoen |
| VKB Graan (Edms.) Bpk. | 100 | 0,3 miljoen | 0,7 miljoen |
| VKB Auction Centre (Edms.) Bpk. | 100 | 0,0 miljoen | 0,2 miljoen |
| Bethal Koelkamers (Edms.) Bpk. | 100 | (0,2 miljoen) | (0,1 miljoen) |

# BESTUURSOORSIG VERVOLG




## AANSPORINGSKORTING

Gegewe die goeie prestasie van VKB, het die Direksie goedkeuring verleen dat die Groep R250 miljoen as aansporingskorting aan kliënte toeken. Aansporingskortings word toegeken uit die winste gegenereer in VKB Landbou (Edms.) Bpk., terwyl dividende verklaar word uit winste gegenereer in die ander entiteite binne die VKB Groep. Die aansporingskorting per kliënt word op die afgelope jaar se ondersteuning en deelname aan die besigheid se bedrywighede gebaseer.





## DIVIDENDE VERKLAAR

Oor die afgelope ses jaar het VKB Beleggings (Edms.) Bpk. ("VKB Beleggings") 'n dividend verklaar aan sy aandeelhouers in vyf van die ses jare. Die totale dividende verklaar oor die afgelope ses jaar beloop R130 miljoen. Feitlik al die entiteite binne die VKB Groep was winsgewend die afgelope jaar, vandaar die dividend van R30 miljoen wat verklaar en betaal is. Goeie waarde word ontsluit vir VKB Beleggings se aandeelhouers deur die dividende wat hulle ontvang, asook deur die verdere verwerking van hulle produkte.





## BEDRYFSRESULTATE

VKB se omset van R10,72 miljard verteenwoordig 'n styging van 3% teenoor die vorige jaar. Hoewel die landboudivisie se omset effens gedaal het weens die kleiner oes, het die nywerhededivisie se omset weer effens gestyg as gevolg van inflasie-aanpassings en geringe kapasiteitsuitbreidings.





## BRUTO INKOMSTE

VKB se diversifikasiestrategie het die afgelope twee jaar begin vrugte afwerp en beide die landbou- en nywerhededivisies het goed presteer. Marges oor die algemeen was onder druk en veral in die nywerhededivisie het laer marges gerealiseer as in die vorige jaar.




## UITGAWES

Uitgawes word streng bestuur en is binne verwagting, met inagneming van inflasie-aannames. Die bedryfsuitgawes toon 'n styging van 10% teenoor die vorige jaar. Enkele uitgawes was hoër, hoofsaaklik weens verkrygings, verhoogde volume besigheid en kapasiteitsuitbreidings by die nywerhede.




'n Ontleding van VKB-uitgawes dui daarop dat enkele items om spesifieke redes 'n toename of afname getoon het. Rente betaal is hoër as die vorige jaar, hoofsaaklik weens kapitaalspanderings, asook die feit dat die VKB Groep se debiteureboek vir die grootste gedeelte van die jaar hoër was as die vorige jaar. Die investerings in vaste bates word hoofsaaklik met termynlenings gefinansier. Die verhoogde bedryfskapitaal, daarenteen, word deur middel van oortrokke fasiliteite en eie fondse gefinansier.

## KAPITAALBRONNE

Die volgende grafiek toon die eiekapitaal- tot totale kapitaalverhouding aan wat werksaam is binne die VKB Groep. Soos in die verlede gemeld, het VKB se doelbewuste groeistrategie die afgelope aantal jare groot kapitaalinvesterings geverg, wat die kapitaalverhouding tydelik versteur het. Die afgelope twee jaar is 'n daadwerklike poging aangewend om die eiekapitaalverhouding weer te verbeter na 'n minimum vlak van 35%. Die eiekapitaalverhouding was vir die grootste gedeelte van die jaar bo 35%.


Die investering in kapitaalintensiewe bedrywe word binne konserwatiewe norme wat vir balansstaatverhoudings gestel word, gedoen en VKB se Staat van Finansiële Posisie

behoort in die toekoms steeds een van sy sterk punte te wees. Die kapitaalverhoudings is op aanvaarbare vlakke en alle nuwe uitbreidings word selektief bestuur. Soos gemeld, is die maatskappy se langtermyndoelwit om 'n eiekapitaalverhouding van ten minste 35% te handhaaf.





## BEDRYFSKAPITAAL- EN LIKIDITEITSVERHOUDINGS

Optimale vlakke van bedryfskapitaal word gehandhaaf en die Groep se likiditeit is op gesonde vlakke. Hoewel die bedryfskapitaalverhouding effens verswak het, is dit nog op aanvaarbare vlakke.




Die debiteuresiklusse van die nywerhede is heelwat korter as dié van die landbouproduksiesiklusse, wat weer die totale gemiddelde aantal debiteuredae verminder en die Groep se kontantvloei bevoordeel. Die styging in die Groep se debiteure teenoor die vorige jaar is veroorsaak deur 'n styging in die debiteureboeke van die landbou- en nywerhededivisies. Hoër volumes en inflasie is grootliks vir die styging verantwoordelik.


Die kwaliteit van die debiteureportefeulje is steeds baie goed. 'n Matige aanpassing in die voorsiening vir twyfelagtige skuld was egter nodig.




## OPBRENGS OP TOTALE EN EIENAARSKAPITAAL

Die opbrengs op totale kapitaal en aandeelhouersbelang het gedaal weens die kleiner wins wat gerealiseer het. Dit is hoofsaaklik die kleiner wins by Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. en 'n waardedaling in die VKB Flour Mills (Edms.) Bpk.-belegging wat die afname veroorsaak het. VKB is steeds positief oor sy diversifikasiestrategie, hoewel dit 'n uitdaging is om al die entiteite binne die Groep winsgewend te kry en te hou. VKB het die afgelope jaar slegs enkele kleiner uitbreidings/verkrygings gedoen en dit is steeds 'n vereiste dat die opbrengs op alle kapitaalinvestering hoër moet wees as die gemiddelde opbrengs op totale kapitaal.

Die opbrengs op eie kapitaal van 17% voldoen steeds aan die maatskappy se doelwitnorm en dit vergelyk goed met die industrie sowel as die totale ekonomie, wat 'n aanduiding is dat VKB sy geleende geld produktief aanwend.




## VASTE BATES

Die Groep se kapitaalspandering het R381 miljoen beloop. Hiervan het die spandering aan grond en geboue R143 miljoen beloop; aanleg, toerusting en meubels R106 miljoen; voertuie R29 miljoen en rekenaartoerusting R14 miljoen. Depresiasie vir die jaar het R113 miljoen beloop. Die investerings bestaan uit die verkryging van die VKB Auction Centre (Edms.) Bpk., die belang in Multi Green (Edms.) Bpk. en verskeie kleiner verkrygings binne die Groep, asook uitbreidings by sekere van die bestaande besighede.

## KONTANTVLOEI

Die bedryfsaktiwiteite van die Groep lewer 'n kontantinvloei van R146 miljoen. Die netto beweging uit beleggingsaktiwiteite het R418 miljoen laat uitvloei. Die finansieringsaktiwiteite van die Groep het R182 miljoen laat uitvloei.

In totaal was daar dus 'n netto afname in kontant van R455 miljoen, wat die kontanttekort aan die begin van die jaar vergroot het.

## VOLHOUBAARHEID

VKB se bedrywighede is uitstekend geposisioneer om selfs tydens ongunstige ekonomiese tye winsgewend te kan wees. Die Groep se State van Finansiële Posisie is konserwatief gestruktureer. Aangesien die debiteureboek gedeeltelik uit eie kapitaal gefinansier word, hou 'n verhoging in finansieringskoste nie vir die onderneming enige gevaar in nie en behoort 'n verhoging in rentekoerse selfs 'n verbetering in die onderneming se resultate tot gevolg te hê. Investering in nuwe besigheidseenhede word net aangepak indien die geprojekteerde resultate aan sekere vooropgestelde norme voldoen. Dit word ook net gedoen indien sinergie met bestaande bedrywighede bestaan wat tot die nuwe besigheid se mededingende voordeel bydra. Gegewe die genoemde aspekte, is die onderneming uitstekend geposisioneer om op die lang termyn volhoubaar te presteer.

**KOOS JANSE VAN RENSBURG**
Besturende Direkteur: VKB Groep

**MARKUS MITTERMAIER**
Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep

# BESTUURSOORSIG VERVOLG

# LANDBOUVERSLAG

## VKB LANDBOU (EDMS.) BPK.



FRANCOIS SWANEPOEL

FRANCOIS FRONEMAN


### STRATEGIESE DOELWIT

**Die oorhoofse strategie van VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") is steeds om produsente te ondersteun om meer effektief en winsgewend te boer deur produsente se insetkoste te verminder en die waarde van hul produkte te optimaliseer. Die tradisionele landbou-afdelings word binne die maatskappy self bedryf.**

20

## STRATEGIESE DOELWIT

Die oorhoofse strategie van VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") is steeds om produsente te ondersteun om meer effektief en winsgewend te boer deur produsente se insetkoste te verminder en die waarde van hul produkte te optimaliseer. Die tradisionele landbou-afdelings word binne die maatskappy self bedryf. Die struktuur van hierdie vertakking sien soos volg daar uit:






# LANDBOUVERSLAG VERVOLG

**Besigheid binne VKB Landbou word regdeur die Oos-Vrystaat en Limpopo sowel as gedeeltes van Mpumalanga, Gauteng en KwaZulu-Natal gedoen. Hieronder volg 'n kort opsomming per afdeling en filiaal:**

## AFDELINGS

### Handelsafdeling

VKB Landbou se Handelsafdeling bestaan uit 'n netwerk van 60 bedryfspunte. Produkte wat aangebied word, sluit in brandstof, kunsmis, chemikalieë, saad, veemedisyne, veevoer, besproeiing, staal, omheining, boumateriaal, verpakkingsmateriaal en algemene hardeware.

In die Vrystaat het VKB Landbou se Handelsafdeling baie goed presteer. Die uiters positiewe resultate van verskeie projekte waarin die afgelope twee jaar belê is, werp nou vrugte af en het 'n wesenlike effek gehad op die groei in omset sowel as netto wins.

In Limpopo het die Handelsafdeling 'n uitstekende jaar beleef met 'n skerp toename in verkope in byna al die hoofvoorraadgroepe. Die opgradering van een van die Groep se vlagskiptakke, Polokwane Handelstak, is afgehandel en neem die eenstopkoopervaring en aanbieding na die boer sowel as die breë publiek na 'n nuwe vlak. Die fokus op produsente, oftewel boerebesigheid, het 'n bogemiddelde groei in insethandelbesigheid die afgelope jaar tot gevolg gehad.

Die standaardisering en aanbieding van volledige produkreekse binne VKB se Handelsafdeling is steeds 'n groot prioriteit. Om te verseker dat die produkaanbieding aan kliënte voortdurend verbeter en om kliëntetevredenheid te verseker, word stelsels voortdurend getoets en opgegradeer. As deel van hierdie strategie is twee verspreidingsentrums op onderskeidelik Bethlehem en Modimolle geopen met die doel om die beskikbaarheid van produkte in die handelstakke te verbeter. Die Modimolle-verspreidingsentrum verskuif eersdaags na Mokopane waar 'n groter, uitgebreide sentrum tans opgerig word. Die positiewe bydrae van die nuwe verspreidingskanaal kan reeds in die voorraadhouding asook omsetgroei op takvlak waargeneem word.

Gedurende die jaar is die Sasol-vulstasie op Frankfort opgegradeer, asook die handelstak op Bethlehem, wat dit nou een van die vlagskiptakke in die VKB Groep maak. Die Lindley- en Senekal-agentskaptakke is ook gedurende die jaar gekoop en word nou bedryf as volwaardige handelstakke van VKB. Daar word met verwagting uitgesien na die goedkeuring van die brandstoflisensies vir die Vrede-, Senekal- en Bethlehem-vulstasies sodat die konstruksie van die drie nuwe vulstasies 'n aanvang kan neem.

As deel van die strategie om VKB Landbou se voetspoor uit te brei na die oostelike gedeelte van Suid-Afrika, is nuwe handelstakke op Nelspruit en Newcastle geopen.

### Meganisasie

Meganisasiedienspunte bestaan uit 12 meganisasie-werkwinkels en -onderdelebedryfspunte, wat gediens word deur 11 heelgoederebemarkers. Meganisasie beskik oor 'n wye reeks produkte en agentskappe. Van die produkreekse sluit in Case, Jupidex, Rovic Leers, Falcon, AgriCAD, Equalizer en Amazone.

Meganisasie het 'n uiters uitdagende jaar beleef, veral as gevolg van druk op marges wat veroorsaak word deur toenemende mededinging in die mark.

### Graanafdeling

Die Graanafdeling bestaan uit 22 graanfasiliteite, waarvan 14 in die Noordoos-Vrystaat en 8 in Limpopo geleë is. Die graanfasiliteite is toegerus om verskeie grane en oliesaadprodukte per pad en spoor te ontvang en veilig te berg. 'n Verskeidenheid graandienste word by die graanfasiliteite aangebied. Die geriewe word deurlopend opgegradeer om aan produsente en afnemers 'n vinniger en doeltreffender diens te lewer. As 'n addisionele diens aan produsente beskik VKB oor droog- en skoonmaakgeriewe om nat en besmette graan te ontvang.

Die afgelope landboujaar se graanontvangste in die Noordoos-Vrystaat en Limpopo was 21% minder as die vorige seisoen se rekordontvangste, maar 20% meer as die vyfjaargemiddeld. Die winsgewendheid van die Graanafdeling is 'n funksie van normale verloop van besigheid, die benutting van gapingsmarkgeleenthede en 'n sterk fokus om hulpbronne strategies en meer effektief aan te wend. VKB Landbou het voortgebou op die vorige seisoen se kapasiteituitbreiding van 10% met vyf addisionele leweringspunte, deur nog 5% opbergkapasiteit en vier leweringspunte by te voeg, wat die bestaande aflaaitempo met 2 200 ton per uur versnel. Hierdie geriewe het nie net die innamespoed en opbergingskapasiteit tydens oestyd verbeter nie, maar skep ook die geleentheid om bestaande opbergingsgeriewe meer effektief te benut en waarde te ontsluit tot voordeel van belanghebbendes.

### Graanbemarking

Die Graanbemarkingsafdeling is daarop gefokus om 'n omvattende diens aan produsente, graanhandelaars, meulenaars, veevoeraanlegte, internasionale handelaars en ander verwerkers te lewer. Hierdie diens, wat aan die VKB-kliënte se behoeftes voldoen, word gerugsteun deur effektiewe stelsels, prosedures en 'n Safex-setel, en word bedryf binne VKB Graan (Edms.) Bpk.

Die goeie somerproduksiejaar, met gevolglike lae kommoditeitspryse, het markgeleenthede geskep wat die afgelope finansiële jaar 'n wesenlike positiewe effek op die resultate van Graanbemarking gehad het. Die koste van kapitaal het ook verlaag as gevolg van die lae gemiddelde kommoditeitspryse.

### Versekering

Die Versekeringsafdeling bestaan uit 12 kantore wat beman word deur 14 opgeleide en ervare adviseurs. Die afdeling bied 'n verskeidenheid produkte, waaronder persoonlike, eiebate- en oesversekering. Versekeraars wie se produkte bemark word, sluit in Santam, Old Mutual Insure, Hollard, One Commercial en Landmark.

22

# VERVOLG LANDBOUVERSLAG

Die verwagte goeie oes van die komende seisoen het veral 'n positiewe effek gehad op die aantal tonne wat verseker is. Die hoër inkomste as gevolg hiervan word grootliks geneutraliseer deur die laer graanpryse. Die afdeling toon steeds goeie resultate ondanks die effek van die laer graanpryse. Hierdie besigheid word binne VKB Brokers (Edms.) Bpk. bedryf.

### Finansiering

As geregistreerde kredietverskaffer voldoen VKB se Finansieringsafdeling aan die gedragskode en regulatoriese vereistes van die Nasionale Kredietreguleerder. Die kernfunksie van hierdie afdeling is om krediet te verskaf aan produsente, wat hulle in staat stel om hul produksie-insette te bekom ten einde landbouprodukte suksesvol en volhoubaar te kan produseer.

VKB bied aan die produsent 'n verskeidenheid mededingende en geskikte finansieringsprodukte, waaronder produksielenings, maandrekenings, termynlenings en kontrakgroeifinansiering. Met 'n debiteureboek van meer as R2,6 miljard lewer die afdeling 'n aansienlike bydrae om Suid-Afrikaanse kommersiële en opkomende boere in staat te stel om winsgewend in die voedselketting te kan produseer. Die suksesvolle finansiering van ontwikkelende produsente het toegeneem vanaf die vorige jaar en 'n verdere toename word in die vooruitsig gestel vir die komende jaar.

Verhoudings en persoonlike kontak is van uiterse belang en 'n span van 16 bekwame kredietbestuurders sien om na die belange van produsente. Hulle spits hulle toe op gepaste, bekostigbare finansieringsoplossings vir die uiteenlopende behoeftes van die produsente.

## FILIALE

Benewens bogenoemde afdelings beskik die maatskappy ook oor die volgende filiale, wat almal 'n wesenlike bydrae tot die sukses van die VKB Landbou Groep lewer:

### Crown Bag (Edms.) Bpk. ("Crown Bag")

Die maatskappy se fabriek, wat op Harrismith in die Vrystaat geleë is, vervaardig sedert 1989 verpakkingsmateriaal. Die VKB Groep se betrokkenheid by Crown Bag is in ooreenstemming met die Groep se strategie om te fokus op integrasiegeleenthede in die landbouwaardeketting en om getrou te bly aan sy identiteit as 'n produsentebesigheid. Die fabriek beskik oor die kapasiteit om gemiddeld sewe miljoen aartappelsakkies en een miljoen brikettesakkies per maand te produseer. Die ekonomie van skaal wat uit hierdie kapasiteit voortspruit, verseker kostedoeltreffende verkryging van grondstowwe en versterk nie alleenlik die maatskappy se mededingende posisie in die mark nie, maar dra ook by tot die verlaging van insetkoste vir produsente.

### Bethal Koelkamers (Edms.) Bpk. ("Bethal Koelkamers")

Die maatskappy, 'n verkoelingsfasiliteit vir aartappelsaad geleë te Bethal in Mpumalanga, lewer al meer as 40 jaar 'n opbergingsdiens aan die aartappelbedryf.

Die koelkamers is gedurende die oorsigjaar opgegradeer en die opbergingskapasiteit met 24% verhoog na 'n totaal van 140 400 sakkies aartappelsaad, oftewel 3 120 palette.

Bethal Koelkamers lewer 'n kwaliteitsdiens aan produsente teen mededingende tariewe en dra by tot die verlaging van insetkoste vir produsente.

### AE Solutions (Edms.) Bpk. ("AES")

Die maatskappy, met sy hoofkantoor in Centurion, beskik oor meer as 30 jaar omvattende ondervinding in die verkoop, diens en ondersteuning van analitiese toerusting in hoofsaaklik die landboubedryf. VKB Landbou het in 2018 'n addisionele 6,31% aandele in die maatskappy bekom en besit tans 33,68% van die aandele in AES.

Die maatskappy se spesialiste en netwerk van kenners bied 'n omvattende diens. Hierdie netwerk van kundigheid stel hulle in staat om die beste gebruik te maak van die nuutste tegnologie en innovasie in 'n wye verskeidenheid omstandighede en toestande.

Opgeleide spesialiste verskaf volledige steun ten opsigte van die toepassing en ontwikkeling van instrumente en metodes vir alle analises en laboratoriums. 'n Span toegewyde diensingenieurs bied vinnige en kostedoeltreffende instandhouding en tegniese steun in al die gebiede waar die maatskappy besigheid bedryf, insluitend Suid-Afrika, Sub-Sahara Afrika, Mauritius, Madagaskar en die Seychelle-eilande.

### VKB Fuels (Edms.) Bpk. ("VKB Fuels")

Die uitbreiding van VKB se brandstofaanbieding is 'n fokusarea vir die besigheid. Behalwe vir die opgradering van bestaande geriewe, behartig VKB Fuels ook die aflewering van brandstof op produsente se plase. VKB Landbou het die afgelope jaar sy brandstofaanbieding uitgebrei deur addisionele vulstasies aan te koop en te bou, asook deur die vestiging van VKB Express 24 uur-geriefswinkels by sommige vulstasies.

Gedurende die jaar is 'n nuwe rekenaarstelsel by een van die vulstasies geïnstalleer. Sodra die toetsfase van hierdie nuwe stelsel afgehandel is, sal die stelsel uitgebrei word na die ander vulstasies in die VKB Groep.

### Farmpack (Edms.) Bpk. ("Farmpack")

Farmpack, wat gesetel is in die Nelspruit-omgewing, verskaf verpakkingsmateriaal aan die landbou- en nywerheidsektore. Die maatskappy vervaardig en versprei 'n wye reeks kartondose aan kliënte regoor die land en in Mosambiek.

VKB Landbou het in 2019 'n addisionele 14% aandele bekom en besit tans 'n meerderheidsaandeelhouding van 51% in die maatskappy.

### VKB Auction Centre (Edms.) Bpk. ("VKB Auction Centre")

In ooreenstemming met VKB se strategiese doelwitte en die maatskappy se fokus op integrasiegeleenthede in die landbouwaardeketting, het VKB Landbou in Oktober 2018 die bedryf van 'n veilingskraal naby Frankfort oorgeneem. Die besigheid word bedryf in 'n maatskappy, VKB Auction Centre (Edms.) Bpk. Veilings van lewende hawe vind deurlopend by die veilingskraal plaas.

### Multi Green (Edms.) Bpk. ("Multi Green")

Ten einde produsente te ondersteun om meer effektief en winsgewend te boer deur hulle insetkoste te verminder, het VKB Landbou sy produkaanbieding uitgebrei deur in 2019 die beherende belang (53%) te bekom in Multi Green, 'n kunsmismengaanleg op Villiers. Die aanleg beskik oor 'n wye kliëntebasis in die Vrystaat en Mpumalanga.

# NYWERHEDEVERSLAG

## VKB AGRI PROCESSORS (EDMS.) BPK.



SAS KASSELMAN

### STRATEGIESE DOELWIT


VKB Beleggings (Edms.) Bpk. se Direksie het in 2010 'n besluit geneem om verder in die waardeketting te integreer. Die fokus van hierdie strategie is om waarde toe te voeg tot die produkte wat in VKB se bedieningsgebied geproduseer word, met die doel om die produk deur die mees effektiewe markkanale na die verbruiker te neem en die verbruiker se vertroue te wen en te groei deur kwaliteit en gevestigde, betroubare handelsmerke.

Verskeie veranderings het gedurende die afgelope jaar plaasgevind binne VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. ("VKB Agri Processors") se struktuur. Die maatskappy het sy belang in VKB Flour Mills (Edms.) Bpk. ("VKB Flour Mills") verhoog vanaf 70% na 100% nadat Louis Dreyfus Company Africa (Edms.) Bpk. sy belang aan VKB Agri Processors verkoop het. Die bakkerye is ook gekonsolideer vanaf afsonderlike entiteite na divisies binne VKB Flour Mills. VKB Agri Processors het 'n 100%-belang in Nu-Pro Voere (Edms.) Bpk. ("Nu-Pro Voere") bekom en sy 50%-belang in Nu-Pro Commodities (Edms.) Bpk. verkoop. Die twee veevoermaatskappye, naamlik Nu-Pro Voere en TripleV Animal Feeds (Edms.) Bpk. ("TripleV"), is nou saamgevoeg onder een entiteit wat as QPro Feeds (Edms.) Bpk. bekend staan. Die VKB Agri Processors Workers Trust is ook gedurende die jaar geskep om uitvoering te gee aan die swart ekonomiese bemagtigingsdoelwitte van die Groep. Die trust hou 'n 100%-belang in VKB Agri Processors Beneficiaries Holdings (Edms.) Bpk., wat op sy beurt 'n 15%-belang in VKB Agri Processors hou. VKB Beleggings (Edms.) Bpk. hou die ander 85%.

**Die afgelope jaar is 760 000 ton se produkte deur hierdie entiteite geproduseer en verwerk. Dit sluit die volgende primêre produkte in:**

- Geelmielies
- Witmielies
- Hoender
- Koring
- Sojabone

Die aangepaste struktuur van die Groep sien soos volg daar uit:






# NYWERHEDEVERSLAG VERVOLG

Die VKB Agri Processors Groep het 'n gemiddelde jaar beleef, waartydens die meeste van die nywerhede 'n billike prestasie gelewer het, met die uitsondering van VKB Flour Mills wat die Groep se prestasie negatief beïnvloed het. Moeilike ekonomiese omstandighede in die land, tesame met 'n verhoging in graanpryse en 'n volatiele wisselkoers, het bygedra tot die swakker prestasie in vergelyking met die vorige jaar. 'n Ligpunt is dat VKB Agri Processors se volume tonnemaatverkope met 8% toegeneem het teenoor die vorige jaar, ten spyte van die swak ekonomiese klimaat.

Die VKB Agri Processors Groep het die jaar afgesluit met 'n voorbelaste wins van R74 miljoen. Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. het 'n meer realistiese, maar steeds billike, prestasie behaal na 'n uitsonderlike prestasie gedurende die vorige jaar. Free State Oil (Edms.) Bpk. en TripleV het goeie, stabiele prestasie gelewer in ooreenstemming met die Groep se verwagting. VKB Milling (Edms.) Bpk. het ook 'n billike prestasie behaal in 'n uiters kompeterende mark. VKB Flour Mills se prestasie is teleurstellend en die koringmark beleef steeds baie moeilike markomstandighede as gevolg van 'n surplus produksiekapasiteit in die land wat marges onder druk plaas.

## MARKOORSIG

### VKB Milling (Edms.) Bpk. ("VKB Milling")

VKB Milling het 'n gemiddelde jaar beleef, maar slaag daarin om die prestasie van die vorige jaar te oortref met 'n 17%-toename in die wins voor belasting. Dit voldoen nog nie aan die langer termyn verwagtinge nie, maar is 'n billike prestasie in die huidige markomgewing. 'n Verblydende faktor is die tonnemaatverkope wat met 10% toegeneem het vanaf die vorige jaar se syfers.

Die mark in Limpopo is steeds uiters kompeterend as gevolg van verskeie rolspelers wat betrokke is in die gebied. Die uitdaging sal wees om 'n noue verbintenis met die verbruikers te handhaaf en enige moontlike verandering in die markdinamika so gou as moontlik te identifiseer en geleenthede so effektief as moontlik te benut.

Benewens die optimale benutting van die meulens en moontlike rasionalisasie van die Vhembe-meule (Vhembe Milling [Edms.] Bpk.), sal die fokus steeds wees om by die mees winsgewende fasiliteit te maal en nuwe geografiese markte te ontwikkel. 'n Verdere fokuspunt vir die komende jaar is steeds handelsmerkontwikkeling en kommunikasie na verbruikers om sodoende die Magnifisan-handelsmerk se voetspoor in die land te vergroot.

### Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. ("GFC")

GFC het 'n billike opbrengs op belegging gerealiseer tydens die oorsigjaar, alhoewel dit afgeneem het teenoor die uitsonderlike prestasie van die vorige jaar. Die huidige prestasie is waarskynlik 'n beter aanduiding van wat realisties is binne die dinamiese markomstandighede.

Die mark het onder druk gekom as gevolg van verhoogde invoere uit Brasilië nadat invoere uit Europa afgeneem het weens beperkings wat ingestel is na die uitbreking van voëlgriep. Die verhoging in graanpryse vanaf die lae pryse gedurende die vorige seisoen plaas ook druk op voerpryse en die koste knyptangeffek van afwaartse druk op verkooppryse en opwaartse tendens in produksiekoste veroorsaak 'n uitwissing van marges. Die effek van die laat aanplantings in die Amerikaanse mark het onlangs verdere opwaartse druk op graanpryse geplaas.

Die fokus vir die nuwe jaar bly steeds om die varsproduksegment uit te brei en goeie vordering is die afgelope jaar in hierdie verband gemaak. GFC was ook gedurende die afgelope jaar suksesvol om besigheidsverhoudings met KFC te vestig en klem sal gelê word daarop om hierdie verhouding verder te ontwikkel tot voordeel van beide partye.

Die uitbreking van Afrika-varkgriep in China kan 'n groot invloed hê op die wêreldwye proteïenaanbod in die nuwe jaar en kan lei tot 'n verhoogde vraag na hoendervleis, wat pryse positief behoort te beïnvloed. Dit kan 'n balanserende faktor wees wat die impak van 'n swak Suid-Afrikaanse ekonomie effens kan versag in die komende jaar.

### Nu-Pro Groep

VKB Agri Processors het gedurende die jaar die addisionele 50%-belang in Nu-Pro Voere bekom en sy 50%-belang in Nu-Pro Commodities (Edms.) Bpk. verkoop.

Nu-Pro Voere het 'n teleurstellende jaar beleef en 'n klein verlies gerealiseer. Heelwat aandag en tyd is daaraan bestee om die operasionele prosesse in ooreenstemming te bring met die TripleV-standaard. Nu-Pro Voere het gedurende die jaar begin om saam met TripleV voer aan GFC se kontrakgroeiers te voorsien.

### TripleV Animal Feeds (Edms.) Bpk. ("TripleV")

Die veevoerfabriek het 'n goeie prestasie gelewer en die wins vir die jaar weerspieël die verwagting en die begroting. TripleV se mark sentreer nog grootliks rondom die verskaffing van voer aan GFC se kontrakgroeiers, maar goeie vordering is gedurende die jaar gemaak om ander onafhanklike markte te ontwikkel.

Uitstekende vordering is ook gedurende die jaar gemaak om operasionele prosesse en dienslewering te verbeter. In geheel beskou, het die besigheidseenheid weer 'n goeie prestasie gelewer.

Die samevoeging van die twee veevoermeulens (Nu-Pro Voere en TripleV) onder een maatskappy, naamlik QPro Feeds (Edms.) Bpk., en die optimale benutting van

alle sinergie hou opwindende uitdagings vir die nuwe jaar in. Met veevoeraanlegte op Bethlehem en Vrede verseker die maatskappy dat sy gehaltevoer regoor VKB se bedieningsgebied versprei word. Die optimale voorsiening aan VKB se handelstakke en die vestiging van die nuwe handelsmerk, "QPro Feeds", geniet baie aandag.

**Free State Oil (Edms.) Bpk. ("FSO")**

FSO het sy goeie prestasie van die vorige jaar voortgesit met 'n billike prestasie gedurende die afgelope jaar. Die aanspreek van sekere bottelnekareas in die produksieproses het gelei tot verbeterde benutting van kapasiteit en 'n 9%-verbetering in die fabriek se uitset. Hierdie fasiliteit funksioneer nou volgens sy ontwerpkapasiteit.

FSO het homself gedurende die afgelope paar jaar gevestig as een van die voorkeurverskaffers in die plaaslike soja-oliekoekmark en voortdurende fokus word geplaas op die verbetering van hierdie posisie. Die mark sal egter in die volgende jaar meer kompeterend raak aangesien addisionele produksiekapasiteit tans deur verskeie rolspelers opgerig word.

Die graanmarkte sal in die nuwe jaar ook meer uitdagings ondervind, aangesien die persmarge heelwat meer onvoorspelbaar raak as gevolg van 'n moeilike sojaboonplantseisoen in die Verenigde State van Amerika, wat wêreldmarkte beïnvloed.

**VKB Flour Mills (Edms.) Bpk. ("VKB Flour Mills")**

Die besigheid het 'n uiters moeilike jaar beleef, waartydens 'n groot verlies gerealiseer het. Die koringmark is steeds baie mededingend weens die toetrede van nuwe rolspelers gedurende die vorige paar jaar en die vestiging van heelwat addisionele kapasiteit in die mark.

Die afgelope jaar is intensief gefokus om die besigheidsmodel meer winsgewend te maak. 'n Strategiese besluit is dus geneem om minder afhanklik te wees van die pryssensitiewe kleinhandelsmark en groter fokus te plaas op voorsiening aan die industriële mark. Die industriële mark is meer kwaliteitgedrewe en indien die regte kwaliteit konstant gelewer word, is die mark nie so wisselvallig soos die kleinhandelsmark nie. Fokus word daarop geplaas om produkte te lewer wat doelgemaak is vir elke kliënt se toepassing en behoefte.

Gedurende die jaar is sterk klem gelê op die verbetering van die onderskeie operasionele prosesse, effektiwiteit en kostebesparing. Rasionalisasie van personeel het ook in verskeie divisies plaasgevind.

Die bakkerye het ongelukkig nie volgens verwagting presteer nie en al die bakkerye sluit die jaar af met verliese. Ten einde die aanwending van geriewe te verbeter en markte beter te bedien, is die bakkerye gekonsolideer in 'n divisie van VKB Flour Mills. Die bakkery in KwaZulu-Natal is verkoop. Die bakkery op Polokwane word tans nie as 'n bakkery aangewend nie, maar word nou as 'n depot van die Homegrown Bakkery in Ga-Rankuwa bedryf ten einde koste te bespaar en beter kapasiteitsbenutting by Homegrown Bakkery te bewerkstellig. Voortdurende fokus word geplaas op volhoubare markontwikkeling.

Die vooruitsigte vir die nuwe jaar vertoon effens beter as gevolg van die meule wat goeie vordering maak met die voorsiening aan verskeie addisionele industriële kliënte en goeie markverhoudings wat hier gevestig word.

## PAD VORENTOE

Die kernuitdaging vir die nuwe jaar is om VKB Flour Mills te stabiliseer en die besigheidsmodel en -struktuur aan te pas om volhoubaar in 'n uiters mededingende mark te kompeteer.

By al die nywerhede word gefokus op margeverbetering deur operasionele effektiwiteit, volhoubare kliënteverhoudings en die versterking van handelsmerke. 'n Program is by al die nywerhede geloods, wat voortdurende verbetering in prosesse nastreef en bydra tot gestruktureerde bestuur.

VKB Agri Processors het die afgelope aantal jare sterk groei beleef en verskeie opwindende inisiatiewe vir mediumtermyngroei sal geïmplementeer word soos die vasgestelde doelwitte van kapitaalverhoudings en balansstaat-volwassenheid in die onderskeie entiteite bereik word.



# KORPORATIEWE BEHEERVERSLAG



**RINA ERASMUS**

## VERBINTENIS TOT KORPORATIEWE BEHEER

Die VKB Groep ("VKB") is verbind tot verantwoordelike korporatiewe burgerskap en effektiewe korporatiewe beheer. Ten einde hieraan uitvoering te gee, onderskryf VKB die aanbevelings van die King Kodes vir Korporatiewe Beheer, wat gebaseer is op die beginsels van deursigtigheid, integriteit, volhoubaarheid, billikheid en verantwoordbaarheid. Hierdie beginsels vorm dan ook die basis van die VKB Groep se Strategiese Plan. Bestuurstrukture word deurentyd hersien om te verseker dat dit bogemelde beginsels ondersteun, beste praktyke vestig en die besigheid belyn met internasionale standaarde.

Die Direksie is die fokuspunt van die besigheid se korporatiewe beheer en is verantwoordelik teenoor alle belanghebbendes vir die effektiewe bedryf en prestasie van die besigheid. 'n Korporatiewe kultuur van nakoming van wetgewing, beleide en prosedures is binne die Groep gevestig. Die Direksie het 'n Rapporteringsbeleid om wanpraktyke te identifiseer, korrupsie en diefstal teen te werk en persone te beskerm wat ongerymdhede rapporteer.

Die Groep ondersteun die bestuursuitkomste en praktyke soos vervat in die King Kode IV, naamlik Etiese Kultuur, Prestasie en Waardeskepping, Voldoende en Effektiewe Beheer, Vertroue, Goeie Reputasie, en Legitimiteit. King Kode IV behels 'n klemverskuiwing na holistiese en geïntegreerde denke, bestuur en verslagdoening. Fokus word deurgaans geplaas op belanghebbendes, deursigtigheid en openbaarmaking. Die "triple context" (ekonomie, samelewing en omgewing) is geïntegreer binne die "six capitals" ("financial, manufactured, intellectual, human, social and relational, and natural capital").

## DIE DIREKSIE

Gedurende die oorsigperiode het die Direksie van VKB Beleggings (Edms.) Bpk. ("VKB Beleggings") uit 13 nie-uitvoerende direkteure en twee uitvoerende direkteure bestaan. Van die nie-uitvoerende direkteure word 12 deur aandeelhouers van die betrokke wyke genomineer en verkies (Vrystaat - nege en Limpopo - drie) ("wyksdirekteure"). In ooreenstemming met die maatskappy se Akte van Oprigting roteer 'n derde van die wyksdirekteure elke jaar. Die Nominasiekomitee is behulpsaam met die identifisering van geskikte kandidate om as wyksdirekteure verkies te word

en om te verseker dat die Direksie oor die nodige kundigheid beskik.

Weens die verstryking van termyne van nie-uitvoerende direkteure het vakatures in Wyke 1, 7 en 15 ontstaan. Nominasies is aangevra en mnre. PG Carshagen, CF Fick, JBS Fourie en JH du Preez is onbestrede genomineer vir hulle onderskeie wyke en deur die Direksie as verkose verklaar vir 'n ampstermyn van drie jaar. Mnr. GJ Nel is vir 'n verdere termyn van een jaar deur die Direksie gekoöpteer as onafhanklike, nie-uitvoerende direkteur. Mnre. JF Janse van Rensburg, Besturende Direkteur: VKB Groep, en MJ Mittermaier, Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep, dien as uitvoerende direkteure op die Direksie.

Die Direkteursverslag vervat omvattende inligting rakende die Direksie.

Die Voorsitter en Ondervoorsitter word op die eerste vergadering van die Direksie wat ná afloop van die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers gehou word, of soos nodig, verkies. Vir die oorsigjaar is mnr. PG Carshagen as Voorsitter en mnr. CF Fick as Ondervoorsitter verkies. Die Voorsitter en Ondervoorsitter is onafhanklike, nie-uitvoerende direkteure.

Die balans binne die Direksie is gesond en die rol van die Voorsitter is geskei van dié van die Besturende Direkteur. Die Voorsitter is verantwoordelik vir leierskap binne die Direksie en fasiliteer konstruktiewe skakeling tussen die Direksie, Bestuur en belanghebbendes. Die Besturende Direkteur van die VKB Groep is primêr verantwoordelik vir leiding aan Bestuur met die implementering van strategieë en die bedryf van die besigheid.

## PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die Direksie, as Beheerliggaam, oefen effektiewe beheer uit oor die Groep met behulp van 'n toepaslike bestuurstruktuur. Die pligte en verantwoordelikhede van die Direksie is vervat in wetgewing en VKB se Direkteurshandves. Die Direksie bepaal die besigheid se strategie en is verantwoordelik om die Groep te lei ten einde uitvoering te gee aan hierdie strategie en die gepaardgaande bestuursdoelwitte. In ooreenstemming met King Kode IV, wetgewing en die bepalings van die Direkteurshandves word die Direksie deur komitees bygestaan in die uitvoering van sy pligte. Die gedelegeerde gesag van die komitees verminder nie die verantwoordelikheid van die Direksie nie. Die prestasie van die besigheid teenoor gestelde doelwitte word deurgaans gemonitor en vergelyk met vorige jare se prestasies en, waar van toepassing, die industrie. Die Direksie monitor ook die solvabiliteit en likiditeit van die Groep en die individuele entiteite op 'n deurlopende basis.

Dit is die verantwoordelikheid van Uitvoerende Bestuur om die besluite van die Direksie te implementeer. 'n Besluitnemingsraamwerk, deur die Direksie goedgekeur, delegeer sekere bevoegdhede en magte aan Bestuur en uitvoerende komitees. Die Direksie is voorts verantwoordelik om te verseker dat die Groep, filiale en verwante entiteite optree soos, en gesien word as, 'n verantwoordelike korporatiewe burger wat die volhoubaarheid van die maatskappy, gemeenskap en natuurlike omgewing beskerm en uitbou, en gegrond is op 'n etiese, korporatiewe kultuur.

Aan die einde van elke jaar doen die Direksie 'n volledige jaarbeplanning vir die daaropvolgende jaar. Die Direksie vergader ten minste vier keer per jaar en addisionele vergaderings word geskeduleer, indien nodig, ten einde uitvoering te gee aan sy pligte en verantwoordelikhede.

Tussen geskeduleerde vergaderings hou Bestuur die Direksie op hoogte van belangrike verwikkelings wat die besigheid raak. Die direkteure het onbeperkte toegang tot alle inligting, rekords en hulpbronne van die besigheid ten einde uitvoering te gee aan hulle verantwoordelikhede.

## ONAFHANKLIKHEID VAN DIREKSIE

Van direkteure word verwag om objektief en onafhanklik op te tree in die uitvoering van hulle pligte. 'n Direkteur van VKB wat in 'n ander hoedanigheid as direkteur, lid, geaffilieerde lid of behoorlik gemagtigde agent van VKB 'n belang het by 'n voorgestelde kontrak wat VKB oorweeg om aan te gaan, of 'n belang by 'n kontrak bekom nadat dit deur VKB aangegaan is, moet volle besonderhede betreffende die aard en omvang van sy belang bekend maak en mag nie ten opsigte van sodanige kontrak of voorgestelde kontrak met VKB, of 'n aangeleentheid wat daaruit voortspruit, stem nie en indien hy aldus stem, word sy stem nie getel nie. Die Direksie benoem jaarliks direkteure om op die direksies van filiale en ander ondernemings waarby die maatskappy 'n belang het, te dien. Direkteurskappe en belange verklaar deur direkteure word in 'n register aangeteken wat vir hierdie doel bygehou word.

## EVALUASIE EN OPLEIDING VAN DIREKTEURE

Die Direksie evalueer deurlopend sy eie prestasie, sowel as die prestasie van komitees, bestuurstrukture en individuele direkteure, en indien tekortkominge geïdentifiseer word, word dit toepaslik aangespreek. Nuut aangestelde direkteure ondergaan 'n omvattende induksieproses om hulle op hoogte te bring van verantwoordelikhede en pligte van direkteure, besigheidspraktyke en individuele en gesamentlike aanspreeklikheid.

# KORPORATIEWE BEHEERVERSLAG

VERVOLG

Die Direksie word deurentyd op hoogte gebring van nuwe wetgewing en verwikkelings wat die besigheid raak. Die Direksie en Bestuur het gedurende die oorsigtydperk opleiding oor relevante wetgewing en korporatiewe beheer ontvang.

Die Nominasiekomitee is verantwoordelik vir opvolgbeplanning vir nie-uitvoerende direkteure en maak, na evaluasie, aanbevelings aan die Direksie oor die verteenwoordiging van nie-uitvoerende direkteure op die komitees.

## KOMITEES

Die volgende komitees van die Direksie fasiliteer effektiewe besluitneming en het die Direksie en Bestuur gedurende die oorsigjaar bygestaan in die uitvoering van hulle pligte:

- Oudit-, Risiko- en Geleentheidsbestuurskomitee ("Ouditkomitee")
- Menslike Hulpbronnekomitee
- Nominasiekomitee
- Sosiale en Etiekkomitee
- Vrystaat Landbou Uitvoerende Komitee
- Limpopo Landbou Uitvoerende Komitee

Die samestelling van die komitees voldoen aan die vereistes van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008, en die voorskrifte van die King Kode IV. Die komitees ondersteun die Direksie in die effektiewe uitvoering van sy mandaat en verantwoordelikhede. Elke komitee is onder voorsitterskap van 'n onafhanklike, nie-uitvoerende direkteur. Die voorsitters en lede van die onderskeie komitees word deur die Direksie verkies, op aanbeveling van die Nominasiekomitee, na gelang van hul kundigheid op 'n spesifieke terrein.

Die meerderheid van die komiteelede is onafhanklike, nie-uitvoerende direkteure, soos voorgeskryf deur die King Kode IV. Die komiteelede beskik gesamentlik oor die vermoë en kundigheid om hulle mandaat uit te voer. Lede van Uitvoerende en Senior Bestuur woon die komiteevergaderings by om te rapporteer oor hulle onderskeie areas van verantwoordelikheid.

Die komitees funksioneer volgens goedgekeurde Verwysingsraamwerke wat van tyd tot tyd deur die Direksie hersien word en waarin hulle mandaat, pligte en verantwoordelikhede vervat is. Tensy daartoe gemagtig deur wetgewing, het die komitees nie besluitnemingsbevoegdheid nie en maak slegs aanbevelings aan die onderskeie Direksies. Die onderskeie voorsitters hou die beraadslagings en aanbevelings van die komitees aan die Direksie voor vir goedkeuring en implementering.

## AANDEELHOUDING

VKB word besit deur 4 453 aandeelhouers wat almal bona fide-boere is in die Vrystaat, Limpopo, KwaZulu-Natal en Mpumalanga. Die maatskappy volg 'n unieke dividende- en aansporingskortingmodel.

Die VKB Groep se bedrywighede word in twee afsonderlike filiale bedryf. Die tradisionele landboubesigheid (aansporingskorting en dividende) is saam gegroepeer in 'n filiaal, VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou"), aan die een kant en die nywerhede (dividende) in 'n filiaal, VKB Agri Processors (Edms.) Bpk., aan die ander kant.

Om te deel in die aansporingskorting sowel as die dividende moet 'n kliënt 'n aandeelhouer van VKB wees. Die enigste vereiste om 'n aandeelhouer van VKB te word, is dat die aansoeker 'n bona fide-boer moet wees. Om 'n aandeelhouer te word, moet die aansoeker 5 000 gewone aandele in VKB koop teen R5 000. Hierdie gewone aandele kan nie verhandel word nie en bly in die aandeelhouer se besit totdat hy te sterwe kom of totdat hy as aandeelhouer van VKB bedank, waarna hy sy R5 000 terugkry. Die gewone aandele verdien ook geen rente of dividende nie.

### Landbou (Aansporingskorting) ("Koöperatiewe" stelsel)

VKB verklaar jaarliks 'n wesenlike deel (gemiddeld 85%) van die winste gegenereer uit VKB Landbou as aansporingskorting aan die aandeelhouers. Dit beteken dat, vir elke R100 wins gegenereer, VKB 'n gemiddeld van R85 (85%) aan die kliënte toeken in die vorm van aansporingskortings. Die jaarlikse aansporingskorting word gebaseer op elke kliënt se ondersteuning en deelname aan die landboubedrywighede. Dit wissel dus van aandeelhouer tot aandeelhouer, afhangend van die afdelings binne VKB Landbou waarmee die aandeelhouer besigheid gedoen het en die omvang van sy besigheid. Die aansporingskorting is belasbaar in die aandeelhouer se hande in die jaar van verklaring. Van die jaarlikse korting word ongeveer 10% in kontant uitbetaal. Die oorblywende 90% word gebruik om vir die aandeelhouer Klas 2-voorkeuraandele in VKB Beleggings uit te reik. Hierdie Klas 2-voorkeuraandele is aflosbaar na 'n minimum tydperk van vyf jaar en 'n maksimum tydperk van 15 jaar. 'n Aandeelhouer wat ten tye van die toekenning van 'n bepaalde jaar se aandele 55 jaar of ouer is, se aandele word op ouderdom 70 jaar afgelos, onderhewig aan 'n minimum periode van vyf jaar. Die aandeelhouer het ook 'n keuse om sy Klas 2-voorkeuraandele by aflosdatum te omskep in Klas 4-voorkeuraandele eerder as om dit af te los. Klas 4-voorkeuraandele bied aan die aandeelhouer die voordeel om in verdere dividende te deel, wat uit winste van die nywerhede asook die ander landbou-entiteite verklaar word.

### Nywerhede en ander landbou-entiteite (Dividende) ("Korporatiewe" stelsel)

VKB verklaar jaarliks dividende uit die winste wat gegenereer word uit die entiteite aan die nywerhedekant (VKB Agri Processors Groep), asook die ander landbou-entiteite, behalwe VKB Landbou self waaruit 'n aansporingskorting verklaar word. Hierdie dividende word verklaar op grond van die aantal Klas 2- en Klas 4-voorkeuraandele wat 'n aandeelhouer besit op die datum van dividendverklaring. Hoe meer Klas 2- en Klas 4-voorkeuraandele 'n aandeelhouer dus besit, hoe groter deel van die dividend wat verklaar word uit die winste van die nywerhede en die ander landbou-entiteite kan hy ontvang. Dit hou dus 'n voordeel vir die aandeelhouer in om nie sy Klas 2-voorkeuraandele by aflosdatum te laat aflos nie, maar dit eerder te omskep in Klas 4-voorkeuraandele. Dividendbelasting is in sekere gevalle ter sprake.

Hierdie model verseker dat 'n aandeelhouer vir homself 'n stewige neseier kan opbou deur met die besigheid sake te doen. VKB se unieke aansporingskortingmodel en dividendebeleid maak van die besigheid 'n voorkeurverskaffer in sy bedieningsgebied. VKB is oortuig dat hierdie model steeds die mees doeltreffende waarde-ontsluitingsmeganisme is wat op 'n gebalanseerde basis die behoeftes van die maatskappy en sy kliënte aanspreek.

## RISIKOBESTUUR EN VOLHOUBAARHEID

Die maatskappy bestuur sy risiko's op 'n proaktiewe grondslag met behulp van 'n omvattende Risikobestuursbeleid. 'n Geskeduleerde program van risikobeoordeling word jaarliks gevolg, waartydens risiko's gekwantifiseer, geprioritiseer en in 'n Risikobestuursplan vervat word.

Die Direksie bepaal die risiko-aptyt van die maatskappy. Alhoewel die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling, implementering en beoordeling van die Risikobestuursplan aan Bestuur gedelegeer is, keur die Direksie die Risikobestuursplan goed en is dit sy verantwoordelikheid om te verseker dat die plan formeel gedokumenteer word. Die Ouditkomitee evalueer die effektiwiteit van die plan op 'n deurlopende basis, kontroleer die implementering en nakoming daarvan en gee terugvoer aan die Direksie. Bestuur gee ook deurlopend intensief aandag aan risikobestuur, besigheidskontinuïteitsbestuur en krisisbestuur, en dit vorm staande items op die agenda van Bestuursvergaderings. Die Direksie, met behulp van die Ouditkomitee, verseker deurgaans dat volhoubare en effektiewe kontrolemaatreëls gevestig word om effektiewe beheer van die Groep te verseker. Die Interne Oudit-afdeling vervul 'n kritiese rol in die onderneming se interne beheer en risikobestuur.

Risiko en geleenthede word op sodanige wyse bestuur dat dit die Groep ondersteun in die definiëring van sy kerndoel en om strategiese doelwitte te stel en te bereik. Om gerusstelling aan die Direksie te verskaf, word risikobestuurspraktyke wat die bedrywighede van die Groep beïnvloed, deurlopend geïdentifiseer, geassesseer en aangespreek deur aksieplanne en gereelde monitering en verslagdoening aan Bestuur, die Ouditkomitee en die Direksie.

Die volhoubaarheid van die VKB Groep bly die belangrikste aspek van die Direksie se verantwoordelikhede. Die Direksie het 'n langtermynstrategie aanvaar ten einde hieraan uitvoering te gee. Inligting met betrekking tot volhoubaarheid word voortdurend aan die Direksie voorsien en krities beoordeel ten einde te verseker dat die inligting en vooruitskouings 'n behoorlike begrip verskaf van die sleutelaandrywers wat die maatskappy in staat sal stel om sy doelwitte te behaal, dat die inligting betroubaar is en dat geen teenstrydighede met die geopenbaarde finansiële inligting voorkom nie.

## NAKOMING VAN WETGEWING

Die Direksie is verantwoordelik vir die nakoming van alle toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes en het vir hierdie doel 'n formele Nakomingsbeleid aangeneem. Die Regsafdeling gee deurlopend aandag aan die kritiese regulatoriese risiko-areas as deel van die gevestigde risikobestuursproses. Deurlopende bewusmaking, opleiding en skakeling tussen die afdelings rakende nakoming van wetgewing vind plaas en gerusstelling word aan die Direksie voorsien deur middel van die komiteestrukture.

## INLIGTINGSTEGNOLOGIE ("IT")

As 'n integrale deel van die risikobestuursraamwerk verseker die Direksie die oorhoofse toesig en aktiewe bestuur van die IT-bestuursprosesse deur 'n span kundige IT-personeel en -spesialiste. Ten einde uitvoering te gee aan die voorskrifte van die King Kode IV is 'n Inligtingstegnologie Uitvoerende Bestuurskomitee op die been gebring, wat ten doel het om:

- Uitvoering te gee aan die Direksie se strategie en goedgekeurde beleide en prosedures met betrekking tot die bestuur van tegnologie en inligting.
- Verslag te doen aan die Direksie ten einde uitvoering te gee aan sy oorsigfunksie oor die toereikendheid en effektiwiteit van tegnologie en inligtingsbestuur binne die organisasie.
- Verslag te doen aan die Direksie ten einde uitvoering te gee aan sy oorsigfunksie oor die bestuur van kubersekuriteit.

IT-bestuur is ook 'n staande punt op die agenda van die Ouditkomitee en die hersiening van IT-verwante kontroles is in die Interne Ouditplan ingesluit. Uitgebreide besigheids- en IT-rampherstelprosesse is reeds gevestig.

## SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT

Die Direksie, met die hulp van die Ouditkomitee, monitor deurgaans die solvabiliteit en likiditeit van die individuele entiteite en die Groep, met inagneming van beskikbare inligting en alle redelik voorsienbare finansiële faktore wat die maatskappy en die Groep raak.

## VERHOUDING MET BELANGEGROEPE

Die Direksie het 'n Belangegroepe Interaksie Beleid ("Stakeholder Engagement Policy") aangeneem, waarvolgens die interaksie met verskillende belangegroepe gereguleer word ten einde 'n inklusiewe benadering te verseker wat deursigtige, omvattende en doelgerigte kommunikasie voorstaan.

# KORPORATIEWE BEHEERVERSLAG

VERVOLG

Verskeie kanale reguleer die kommunikasie, verhoudings en skakeling van die VKB Groep met sy belangegroepe, wat insluit aandeelhouers, werknemers, kliënte, verskaffers, die gemeenskap en die regering. VKB se webtuiste, *www.vkb.co.za*, en tweemaandelikse tydskrif, *Die Pad Saam*, sowel as die jaarverslag, webwerf, sosiale media, gereelde inligtingsvergaderings, 'n massa-SMS-diens en boodskappe op state, word onder meer gebruik as kommunikasiemedia.

Die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers word voorafgegaan deur 'n reeks inligtingsvergaderings in die Vrystaat- en Limpopo-bedieningsgebiede, waartydens aandeelhouers op hoogte gebring word van verwikkelings binne die besigheid.

VKB beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die Groep se Skakelbeampte.

## VERKLARING VAN DIREKSIE

Die Direksie bevestig en erken sy verantwoordelikheid om die integriteit van die jaarverslag te verseker. Die Direksie het die jaarverslag dienooreenkomstig oorweeg en is van mening dat die jaarverslag al die wesenlike aspekte aanspreek en 'n billike weergawe is van die geïntegreerde prestasie van die besigheid.

Die jaarverslag is in alle wesenlike opsigte voorberei ooreenkomstig goeie praktyk voortspruitend uit die aanbevelings van die King Kode IV vir Goeie Korporatiewe Beheer. Die Direksie magtig hiermee die uitreiking van die jaarverslag.

**RINA ERASMUS**
Groep Maatskappysekretaris



# SOSIALE EN ETIEKKOMITEEVERSLAG



DAN KRIEK

**Hierdie verslag inkorporeer die statutêre verantwoordelikhede van Sosiale en Etiekkomitees, soos vervat in Artikel 72 en Regulasie 43 van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008. Hierdie Komitee het as die Sosiale en Etiekkomitee opgetree vir entiteite binne die VKB Groep.**

## SAMESTELLING

Gedurende die oorsigjaar het die Komitee uit vier nie-uitvoerende direkteure bestaan, naamlik mnre. DJ Kriek, PJ Cronjé, JH du Preez en J van der Goot. Die Voorsitter van die Direksie, die Besturende Direkteur: VKB Groep en ander lede van Uitvoerende Bestuur woon ook die vergaderings op uitnodiging by. Die Voorsitter van die Komitee woon die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers by en rapporteer oor die Komitee se bedrywighede.

## MANDAAT EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die Komitee is gestig ooreenkomstig die voorskrifte van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008, soos hierbo vermeld, en voer sy pligte en verantwoordelikhede daarvolgens uit. Daarbenewens het die Komitee ook verantwoordelikhede ten opsigte van korporatiewe beheer, soos deur die Direksie gedelegeer aan die Komitee.

Ten opsigte van sy mandaat moet die Komitee die VKB Groep se aktiwiteite monitor, met inagneming van relevante wetgewing, ander wetlike vereistes en/of toepaslike kodes van beste praktyk:

# SOSIALE EN ETIEKKOMITEEVERSLAG VERVOLG

1. Sosiale en ekonomiese ontwikkeling en bemagtiging, insluitend die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging ("SEB").
2. Goeie korporatiewe burgerskap, insluitend die maatskappy se:
   - bevordering van gelykheid, voorkoming van onbillike diskriminasie en uitskakeling van korrupsie.
   - bydrae tot ontwikkeling van die gemeenskappe waarin die Groep sy bedrywighede beoefen, en sy produkte en dienste bemark.
   - rekord van borgskappe, donasies en welsynsbydraes.
3. Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, insluitend die impak van die Groep se bedrywighede, produkte of dienste op die omgewing.
4. Verhoudings met verbruikers, insluitend die Groep se bemarking, openbare betrekkinge en nakoming van Verbruikerswetgewing.
5. Arbeid en werkverrigting, insluitend:
   - die Groep se posisie ten opsigte van die *International Labour Organisation Protocol* betreffende arbeid en werkomstandighede.
   - die Groep se verhoudings binne die werkplek en sy bydrae tot die opvoedkundige ontwikkeling van sy werknemers.
   - insette oor die Groep se Vergoedingsbeleid.

Die Komitee, tesame met die Direksie en ander komitees, het gedurende die oorsigjaar uitvoering hieraan gegee deur monitering van die volgende:

## Sosiale en ekonomiese ontwikkeling

Deur middel van vaardigheids-, besigheids- en sportontwikkelingsprogramme lewer die VKB Groep 'n daadwerklike bydrae tot die verbetering van die lewensgehalte van die gemeenskappe waarin sy bedrywighede beoefen word. Een aspek hiervan is die bedryf van verskeie suksesvolle projekte ter ondersteuning van ontwikkelende produsente. VKB is ook betrokke by van die regering se herkapitaliserings- en ontwikkelingsprojekte. Gedurende die afgelope jaar het VKB talle ontwikkelende produsente ondersteun met die verbouing van gewasse. VKB bied aan hierdie produsente deurlopende advies, finansiële ondersteuning en mentorskap met die doel om van hulle volwaardige kommersiële produsente te maak. VKB is besig met verskeie inisiatiewe wat in die toekoms nuwe momentum aan die ontwikkeling van boere sal gee, en sy voetspoor op hierdie gebied beduidend sal uitbrei.

**In die Vrystaat** was VKB gedurende die oorsigjaar betrokke by 50 ontwikkelende boere, wat gedurende die 2018/19-somerseisoen gesamentlik 3 711 hektaar graangewasse aangeplant het. Dit sluit mielies, sojabone, droëbone, sonneblom en ander gewasse in. Die aanvanklike beplanning was dat hierdie boere ongeveer 6 000 hektaar sou plant, maar weens ongunstige klimaatstoestande moes dit afgeskaal word. Gemiddelde opbrengste word vir die seisoen verwag, wat graanwinsmarges onder druk plaas. Finansiering vir ontwikkelende boere het lenings op 'n nie-kommersiële basis aan projekboere ingesluit. Goeie vordering is by verskeie boere gemaak en die intensiteit van boerdery-aktiwiteite het toegeneem wat betref gewasse, finansiering en werkskepping.

Goeie vordering is gemaak met die aspersie-besigheidsontwikkeling in die Vrystaat, as deel van die Jobs Fund-projek. Die stigting van twee koöperasies is afgehandel en samewerkingsooreenkomste is met Denmar aangegaan. Hierdeur is toegang verkry tot spesialis-advies, opleiding, sowel as kleinhandel- en uitvoermarkte. Produksie het een jaar vroeër as verwag 'n aanvang geneem, wat intensiewe opleiding, infrastruktuurontwikkeling en GLOBAL G.A.P.-sertifisering geverg het. Die oprigting van pakhuise op plase word in die vooruitsig gestel, asook die vestiging van gesamentlike ondernemings vir die verspreiding en bemarking van die produkte.

**In Limpopo** was VKB gedurende die oorsigjaar betrokke by 60 ontwikkelende boere, wat intensiewe gewasse soos suikerbone (80 hektaar), pikantrissies (57 hektaar), aartappels (80 hektaar) en sonneblom (300 hektaar) verbou. Die pikantrissieprojek in die Polokwane-omgewing, in samewerking met Peppadew SA, is goed op dreef. Moontlikhede bestaan om die projek na ander produkte uit te brei in samewerking met Peppadew SA en ander rolspelers. In die Limpopo-gebied werk VKB nou saam met Aartappel SA, wat boere ondersteun met mentorskap en toelae in die vorm van aartappelmoere. Weens warm en droë klimaatstoestande verkeer die meeste aartappelprodusente onder druk en daadwerklike pogings word aangewend om hulle situasie te verbeter. Een van die produsente wat betrokke was by die 2018-aartappelprojek, onder mentorskap van mnr Japie van der Goot, het egter uitstekend gevaar met opbrengste van ongeveer 60 ton per hektaar.

Die Jobs Fund, Grain Farmer Development Association ("GFADA"), Aartappel SA en die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling ("DARD") is die vernaamste vennote in die ontwikkelingsprojekte.

## Borgskappe, donasies en welsynsbydraes

Die VKB Groep beskik oor 'n Korporatiewe Maatskaplike Investeringsbeleid, waarvolgens begroot word vir projekte wat 'n daadwerklike, positiewe impak op die gemeenskappe in sy bedieningsgebied het. SEB-borgskappe ten bedrae van R3,56 miljoen is toegeken aan verdienstelike instansies.

Borgskappe vir skole vorm deel van die totale bemarkingsbegroting. VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") het reeds in totaal onderskeidelik 15 skole in die Vrystaat en 37 skole in Limpopo ondersteun. VKB se verbintenis tot sportontwikkeling sluit in VKB as naamborg van verskeie rugbyweke in die Oos-Vrystaat, asook 'n krieketweek en 'n munisipale sokkerliga. 'n Gedeelte van die borgbedrag aan die Vrystaat Krieketunie is aan krieketontwikkeling spandeer as deel van VKB se korporatiewe maatskaplike investering. VKB is ook die hoofborg van die VKB Knights Krieketspan. Verskeie handelsmerke van die VKB Groep vind baat by die bemarking wat gepaardgaan met hierdie borgskappe.

Tydens die jaarlikse VKB/Vrystaat Landbou Veiligheidsgholfdag is fondse ingesamel in samewerking met VKB se verskaffers. Die jaarlikse Limpopo Plaasveiligheidsgholfdag is ook deur VKB Landbou ondersteun.

# SOSIALE EN ETIEKKOMITEEVERSLAG VERVOLG




VKB het ook gedurende die oorsigjaar met groot trots betrokke geraak by die Farmers4Change-projek, wat 'n mediakanaal skep om die kritiese belangrikheid van die landbousektor vir toekomstige voedselsekerheid uit te lig, asook die vermoë van landbou om nasiebou en sosiale samehorigheid te bevorder. Die projek bied aan die VKB Groep nasionale blootstelling deur middel van verskeie televisie- en radio-onderhoude, advertensieveldtogte, sake-ontbyte, asook paneelbesprekings wat hoëvlak-regeringsamptenare insluit. Food4Mzansi is 'n inisiatief voortspruitend uit die Farmers4Change-projek, wat Suid-Afrikaners aan die onbesonge helde van die landboubedryf bekend stel. Suksesstories en goeie nuus vanaf die plase en agribesighede wat Suid-Afrika voed, word deur mediadekking bekend gestel. Sedert die projek 'n aanvang geneem het, het dit reeds miljoene rande se reklamewaarde vir die VKB Groep gegenereer. Die Farmers4Change-projek fokus ook op die bevordering van skoolleerders se blootstelling aan landbou, en bereik nagenoeg 10 000 leerders by 12 landbouloopbaandae. Altesaam 12 dorpe in vier verskillende provinsies word geteiken vir die landbouloopbaandae, wat deur talle landbou-ondernemings, onderwys- en ander instellings bygewoon word. Dit is die enigste landbouspesifieke loopbaandae in die land wat hoërskoolleerders aan uiteenlopende loopbaan- en studiemoontlikhede bekend stel. Die projekdoelwitte vir die volgende jaar sluit, onder andere, 'n TV-program en die publikasie van die VKB-boek *For the Love of the Land* in.

Wyksdirekteure van VKB Beleggings (Edms.) Bpk. is ook aktief in hul onderskeie streke betrokke by die ondersteuning van behoeftige en verdienstelike instansies.

Die VKB Groep bied ondersteuning aan talle studiegroepe, boereverenigings, veilings, boeredae, skoue en feeste in sy bedieningsgebied. Hierdie platform bied aan die plaaslike bedryfspunte belangrike bemarkings- en netwerkgeleenthede. In baie gevalle is die VKB-borgskap ook van kritiese belang vir die voortbestaan van die feeste en is dit ook 'n bydrae wat die Groep maak om die geleenthede vir die onderskeie gemeenskappe behoue te laat bly en op hierdie wyse waarde toe te voeg vir die inwoners van die streke. VKB is die naamborg van die Reitz Bieliemieliefees, wat tot 'n groot mate bestuur en hanteer word deur die VKB-bemarkingspan. VKB Landbou het gedurende die oorsigjaar deelgeneem aan die Castle de Wildt Buitelewe en Wild Expo wat plaasgevind het net buite Modimolle in Limpopo. VKB Landbou ondersteun gesamentlik agt feeste in die Vrystaat- en Limpopo-streke.

Die Vrystaat-divisie is betrokke by 25 boereverenigings en die Limpopo-divisie by 36 boereverenigings. Die Limpopo-divisie se borgskap sluit ook borgskappe in vir studiegroepe, distriklandbou-unies en telersgroepe. Ander diverse VKB-borgskappe sluit in die VKB Liebenbergsvlei Kanoewedvaart, VKB Surrender Hill-marathon, die Grondberaad, Landbouweekblad se jaarlikse Landboukonferensie en die joberg2c-fietswedren.

VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. ("VKB Agri Processors") en sy filiale het ook tydens die oorsigjaar verskeie borgskappe en donasies gemaak. Free State Oil (Edms.) Bpk. het kookolie aan die joberg2c-fietswedren geskenk. VKB Milling (Edms.) Bpk. en Vhembe Milling (Edms.) Bpk. het projekte in hulle plaaslike gemeenskappe ondersteun.

GFC het gedurende die oorsigjaar 'n nuwe vlagskip korporatiewe maatskaplike investeringsprojek van stapel gestuur, wat die opgradering van kombuise behels en ten doel het om voedselvoorsiening aan behoeftige skoolkinders te verskaf. Die eerste projek wat suksesvol voltooi is, was ten bate van Petsana Primêre Skool op Reitz. Die kombuis het aanvanklik bestaan uit 'n klein vraghouer met ou, beskadigde toerusting waar ses kokke gelyktydig op 'n daaglikse basis 1 500 etes voorberei het. Die opgradering van die "kombuis" het die vergroting van die vraghouer en die installering van spyseniering-gegradeerde opwasgeriewe, addisionele werkoppervlakke, nuwe en addisionele gasstoofplate en 'n lugonttrekkingsafdakkie behels. 'n Tweede projek is van stapel gestuur by Leifo Iziko Primêre en Sekondêre Skole in Petsana, Reitz. GFC sal produkte voorsien aan beide kombuise wat kos vir die primêre en sekondêre skool voorberei, en sal sodoende die skool help om 1 800 kinders te voed.

GFC het voorts ongeveer 8 300 kg se produk geskenk aan

# SOSIALE EN ETIEKKOMITEEVERSLAG VERVOLG

23 skole, huise en kerke in die Reitz-, Bethlehem-, Frankfort-, Harrismith- en Petrus Steyn-gebied wat hulp benodig het. Hierdeur is 1 657 mense gevoed. Verskeie borgskappe is ook aan liefdadigheidsorganisasies gemaak.

Nog 'n projek waarby GFC betrokke was, is die *East Coast Radio Toy Story*-veldtog in KwaZulu-Natal. Dit is die radiostasie se jaarlikse korporatiewe maatskaplike investeringsinisiatief en het ten doel om speelgoed en kontantskenkings vir minderbevoorregte kinders in KwaZulu-Natal in te samel. Die projek is al vir meer as 15 jaar aan die gang en het sedert sy ontstaan jaarliks gegroei. Vier skole het baat gevind by GFC se bydrae tot die projek.

## Wet op Gelyke Indiensneming

Die entiteite binne die VKB Groep rapporteer aan die Departement van Arbeid in hierdie verband. Planne met doelwitte word jaarliks opgestel en deur die Direksie goedgekeur, waarna dit by die Departement van Arbeid ingedien word.

Gedurende die afgelope jaar is die gestelde doelwitte bereik en vordering dienooreenkomstig gemaak. Die Groep voldoen aan die wetgewing en wend daadwerklike pogings aan om vordering te maak op hierdie gebied.

## Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging

Transformasie vorm 'n integrale deel van die VKB Groep se besigheidstrategie en ondersteun die groeistrategie. Deur transformasie onderneem VKB om 'n etiese kultuur en omgewing te skep wat deurlopende ontwikkeling voorstaan. Die Groep se transformasiestrategie is gebaseer op die beginsels van doelgerigtheid, volhoubaarheid, ekwiteit en deursigtigheid.

Volgens die AgriSEB Kode wat van toepassing is op die landbousektor, is die elemente waaraan voldoen moet word, verminder van sewe na vyf, waarvan drie prioriteitselemente is waarop besighede 'n subminimum moet behaal om penalisasie te verhoed. Gegewe VKB se vordering op die gebied van transformasie, voldoen die Groep aan die wetlike vereistes en is ook reg geposisioneer met werknemerstrusts as medeaandeelhouers in sekere van die bedryfsmaatskappye. VKB Landbou is gedurende die oorsigjaar as 'n Vlak 8-bydraer geklassifiseer. Volgehoue pogings word aangewend om op hierdie gebied vordering te maak. Vanweë die entiteite se investering in vaardigheidsontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling, is die maksimum punte op hierdie pilare reeds gedurende die oorsigjaar verdien.

## Goeie korporatiewe burgerskap

### Etiese Gedragskode

Die Groep beskik oor 'n Etiese Gedragskode wat deurgaans aan personeel gekommunikeer word. Hierdie kode onderskryf die beginsels waarvolgens die Groep sy besigheid bedryf. Gesonde verhoudings met alle belanghebbendes word nagestreef. Die Direksie is voorts tevrede dat voldoende en toepaslike oorweging deurgaans binne die besigheid aan die erkenning van menseregte, billike arbeidspraktyke, die impak van die besigheid op die omgewing en die voorkoming van bedrog, diefstal en korrupsie gegee word.

Laasgenoemde word voldoende en op toepaslike wyse binne die Groep aangespreek deur:

- interne en eksterne kommunikasie (waaronder die Jaarverslag, webwerf, sosiale media en inligtingsvergaderings) om die deursigtigheid van die Groep se aktiwiteite te bevorder
- voldoende interne beheer- en kontrolemaatreëls
- toepaslike rekeningkundige praktyke
- onafhanklike eksterne oudit
- Rapporteringsbeleid ("whistle-blowing")

### Beleide

Die Komitee het, onder meer, die toepassing van die volgende beleide binne die besigheid gemonitor:

- Rapporteringsbeleid
- Tender- en Aankopebeleid
- Omgewingsbeleid
- Beroepsgesondheid- en -veiligheidsbeleid
- Korporatiewe Maatskaplike Investeringsbeleid
- Vergoedingsbeleid
- Taalbeleid
- Energiebestuursbeleid
- Inligtingstegnologie Bestuursbeleid
- "Stakeholder Engagement Policy"/Belangegroepe Interaksie Beleid
- "Compliance Policy"/Nakomingsbeleid

### Aankope

Die VKB Groep volg 'n Tender- en Aankopebeleid wat eerlike, deursigtige en prysmededingende aankoopprosesse voorskryf, met spesifieke maatreëls vir die voorkoming van bedrog, diefstal en korrupsie.

### Nakomingsbeleid

Die VKB Groep is daartoe verbind om al sy besigheidsbedrywighede volgens die bepalings van die relevante wetgewing uit te voer, en in ooreenstemming met toepaslike nakomingsbeginsels, wetlike praktyke en etiese en beleidstandaarde. Die volgende oorkoepelende beginsels beskryf die wyse waarop die Groep verbind is om te voldoen aan nakoming:

- vestiging van 'n duidelike nakomingsraamwerk waarbinne besigheid bedryf word;
- bevordering van 'n gefokusde benadering tot nakoming regdeur die VKB Groep;
- ontwikkeling, implementering en instandhouding van praktyke wat nakoming en die monitering daarvan vergemaklik;
- handhawing van goeie korporatiewe bestuur en etiese standaarde; en
- die kweek van 'n nakomingskultuur waarvolgens alle belanghebbendes verantwoordelikheid aanvaar vir nakoming en te alle tye eties en met integriteit optree.

Die Nakomingsbeleid word onder toesig van die volgende forums en ampsdraers uitgevoer:

- Oudit-, Risiko- en Geleentheidsbestuurskomitee en die Direksie – hersien en hou toesig oor risikobestuur, interne

beheer en wetlike nakoming;
- Senior Bestuur – doen verslag en is verantwoordbaar aan die Direksie om die implementering van die beleid en nakomingsprogram te verseker en te bestuur;
- Groep Maatskappysekretaris – verantwoordelik vir effektiewe korporatiewe beheer;
- Bestuurder: Regsdienste – verantwoordelik vir oorsig oor die werking en implementering van VKB se Nakomingsbeleid.
- Bestuurders en toesighouers – verseker effektiewe implementering van die Nakomingsbeleid en verseker dat alle ondergeskiktes voldoen aan die gepaardgaande stelsels en riglyne;
- Alle personeel – verantwoordelik om te verseker dat hul werksaamhede by VKB voldoen aan alle toepaslike wetgewing, eksterne nakomingsvereistes en interne beleide en prosedures.

Ter ondersteuning van VKB se nakomingskultuur bied VKB se Interne Regspan op versoek, en waar die omstandighede dit vereis, opleiding aan personeel om sodoende te verseker dat die personeel ten volle bewus is van, en voldoen aan die wetgewing van toepassing op hul spesifieke bedrywe. Die Interne Regspan fasiliteer 'n elektroniese opleidingsprogram vir die VKB Groep, wat voorsiening maak vir opleiding ten opsigte van, onder andere, die volgende wetgewing: Mededingingswet, Vebruikersbeskermingswet, Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting ("POPI"), Nasionale Kredietwet, Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid en FICA ("Financial Intelligence Centre Act").

## Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, insluitend die impak van die maatskappy se bedrywighede, produkte of dienste

Die VKB Groep beskik oor 'n Omgewingsbeleid, waarvolgens die Groep tot die beskerming van die omgewing en die vermindering van die impak van die Groep se aktiwiteite op die omgewing verbind is. Dit sluit, onder meer, energiedoeltreffendheid, afvalbeheer, herwinning en die effektiewe aanwending van hulpbronne in. Voorts voldoen die besigheid aan die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid en die nodige beleide en kodes in hierdie verband word nagekom. Die VKB Groep is verbind om aan sy werknemers 'n veilige en gesonde werkomgewing te bied. Die Komitee het gedurende die jaar die implementering van veiligheids-, gesondheids- en welstandprogramme gemonitor. Veiligheidsprestasie, beroepsgesondheid en -welstand, hulpbron- en rehabilitasiebestuur asook energiebestuur word voortdurend gemonitor en verbeter. Ten einde VKB se leuse "Vir die liefde van die land" uit te leef, is gedurende die oorsigjaar gefokus op die volgende:

### VKB Beroepsgesondheid en -veiligheid

Gedurende die afgelope twee jaar het VKB se Beroepsgesondheid- en -veiligheidsafdeling gefokus op die opstel en implementering van die VKB Groep se Beroepsgesondheid- en -veiligheidsisteme by elke bedryfspunt in die Groep, PPCB Voedselveiligheidsisteme, ISO 22000 Voedselveiligheidsisteme en RSR ("Railway Safety Regulator") Spoorlynveiligheidsisteme, waar van toepassing. Effektiewe digitale rapportering van beserings en nievoldoenings word deur die CURA Digitale Sisteem ("CURA") gebied, wat aan alle bestuurders en beroepsgesondheidsbeamptes te alle tye 'n geheelbeeld bied van wat die beroepsgesondheid- en -veiligheidstatus van elke VKB-perseel en -bedryfspunt is.

### Bedryfspunte: Vorderingsopsommings

Silo-ontruimingsplanne is in plek gestel en stofafsuigsisteme is in die proses van opgradering. Intensiewe fokus is geplaas op brandalarms in die silo's en rookverklikkerstelsels in hoërisiko-areas. Meganisasietakke se gebruikte olie word verwyder deur 'n geakkrediteerde instansie. Noodhulp-, brandbestryding-, stapeling- en bergingsopleiding is by die handelstakke aangebied. Die Beroepsgesondheid- en -veiligheidsafdeling het die afgelope jaar sterk klem gelê op die implementering van ontruimingsplanne, die opstel van standaard bedryfsprosedures, asook die opstel van spesifieke risiko-assesserings by die filiale en Hoofkantoor.

### VKB Agri Processors (Edms.) Bpk.: Voedselveiligheidsprojek

Die implementering van die VKB Agri Processors ISO 22000 Voedselveiligheidsisteem is goed op dreef, met 6,3% van die nywerhede voltooi en 57,16% in proses. GFC beoog om reeds in Junie 2019 hul eerste oudit vir ISO 45000-sertifisering te voltooi. Uitstekende vordering is gemaak in die Groep wat betref die verbetering van Beroepsgesondheid- en -veiligheidsmaatreëls. Goeie standaarde word gehandhaaf en risiko's word voortdurend deur Bestuur gemonitor en tekortkominge en nievoldoening word betyds geïdentifiseer en voortdurend reggestel.

### VKB mediese span en mediese toetse

VKB se mediese span het hulle baie goed van hul taak gekwyt en het in die afgelope jaar baie vermag. 'n Gesondheidspamflet word elke maand na al VKB se werknemers gesirkuleer, waarin sekere gesondheidsoefeninge, eetgewoontes, ensovoorts, aanbeveel word. Die mediese span het ongeveer 40 algemene gesondheidsmoniteringstoetse by die VKB Bieliemieliefees 2019 gedoen en baie positiewe terugvoer is ontvang. Mediese toetse word by indiensneming en ontslag gedoen. Beserings aan diens sal in die toekoms deur die nuwe CURA aangemeld word. Dit sal die VKB Groep in staat stel om meer effektiewe risikobepalings te doen en tendense van moontlike ernstige beserings wat kan plaasvind, te identifiseer en beperk.

### Interne Opleiding

Die Beroepsgesondheid- en -veiligheidsafdeling is tans besig met aansoeke vir akkreditasie om alle veiligheidsopleiding intern aan te bied. Akkreditasie is reeds ontvang om die noodhulp- en brandbestrydingsopleiding aan te bied, wat deur interne veiligheidsbeamptes aangebied sal word. Die volgende opleiding sal ook intern aangebied word sodra die akkreditasie ontvang is, naamlik Werk op Hoogtes, Steierwerk, Veiligheidsverteenwoordigers en Werk in Beperkte Ruimtes.

# SOSIALE EN ETIEKKOMITEEVERSLAG VERVOLG

### Opstel en implementering van VKB Omgewingsbestuursisteem

Weens die omvang van die VKB Groep en die bedryfspunte wat oor verskeie provinsies versprei is, sowel as die toekomstige implikasies van koolstofbelasting, is hernude fokus gedurende die oorsigjaar geplaas op voldoening aan die Nasionale Omgewingsbestuurswet ("NEM Act"). Die Beroepsgesondheid- en -veiligheidsafdeling het reeds, in samewerking met afdelingsbestuurders, begin met herwinnings- en veilige beskikkingsinisiatiewe, waaronder die herwinning van gebruikte olie, oliefilters en olieslyk by alle meganisasietakke, asook die veilige beskikking van fluoresseerligbuise. Papier en ander herwinbare produkte wat deur die Groep geproduseer of gebruik word, word ook herwin. Die implementering van 'n VKB Omgewingsbestuursisteem word vir die komende jaar beplan.

### Energiebestuur

As deel van 'n volhoubare omgewingstrategie is die VKB Groep verbind tot verantwoordelike energiebestuur en die deurlopende verbetering van sy energieprestasie. Die hoofdoel hiervan is om kostes te verminder, die omgewingsimpak te verlaag, optimalisering van winsgewendheid, versterking van die Groep se kompeterende posisie en die ondersteuning van gemeenskappe waarvan die Groep deel is.

Die maatskappy het 'n Energiebestuursbeleid aangeneem ten einde energieverbruik te kontroleer, koste-effektiwiteit, produktiwiteit en werkomstandighede te verbeter en om die omgewing te beskerm. 'n Energiebestuursplan is geïmplementeer om effek te gee aan die beleid se lang-, medium- en korttermyndoelwitte, sowel as die wyse waarop die doelwitte bereik sal word en die ondersteuning en hulpbronne wat benodig word om uitvoering te gee aan die plan. Die plan het 'n 10%-verlaging in die totale elektrisiteitskoste teen 2020 ten doel gestel. Baie goeie resultate is reeds behaal met die besparingsmaatreëls. Vyf van VKB se silo's in die Vrystaat-streek is na meer voordelige tariewe by Eskom oorgeplaas, wat 'n besparing van meer as R1 miljoen per jaar realiseer. Silobestuurders het ook opleiding ontvang oor elektrisiteitstariewe en hoe om hulle daaglikse bedrywighede daarvolgens aan te pas om sodoende die toepaslike tarief optimaal te benut.

Die LED ("Light-emitting Diode")-beligting- en bewegingsensorprojek in VKB se Hoofkantoor op Reitz lewer ook uitstekende resultate en het, tesame met die sonkragstelsel, daartoe bygedra dat die perseel se elektrisiteitskoste bykans gehalveer het sedert die instelling van hierdie maatreëls in 2016. Verdere sonkragprojekte word tans vir die VKB Groep oorweeg, waarvan die eerste 'n netwerkgekoppelde sonkragprojek van sowat 800 kilowatt by VKB Flour Mills op Frankfort is. Beurtkrag wat weer in Maart 2019 'n aanvang geneem het, het 'n baie negatiewe impak op VKB se bedrywighede gehad, met addisionele brandstofkoste en produksieverliese in sommige gevalle. Die meeste van VKB se bedryfspunte is met bystandkragopwekkers toegerus, maar in sommige gevalle kon dit nie byhou met Fase 4-beurtkrag nie. Eskom bly steeds op 'n risikovlak wat finansiële en operasionele stabiliteit betref en die situasie word deurlopend gemonitor.

'n Belangrike fokusarea vir die komende jaar is die koolstofbelastingwetgewing wat vanaf 1 Junie 2019 in werking getree het. Die presiese interpretasie en toepassing daarvan op VKB se bedrywighede word tans ondersoek.

## Arbeid en werkverrigting ("labour and employment")

Die VKB Groep ondersteun die beginsels van die *International Labour Organisation Protocol* met betrekking tot goeie werk en werkomstandighede, wat die volgende beginsels voorstaan:

- Vryheid van assosiasie en erkenning van die reg tot kollektiewe bedinging
- Vermyding van alle vorme van gedwonge arbeid
- Verbod op kinderarbeid
- Vermyding van alle vorme van diskriminasie

### Vergoedingsbeleid

Die Menslike Hulpbronnekomitee het die bestuur, billikheid, verantwoordelikheid en deursigtigheid van die VKB Groep se Vergoedingsbeleid en Vergoedingsimplementeringsplan oorweeg, wat dienooreenkomstig deur die Direksie goedgekeur is. Die Vergoedingsbeleid en Vergoedingsimplementeringsplan is op die VKB-webwerf beskikbaar by www.vkb.co.za.


### Opleiding van personeel

Die VKB Groep streef na voortdurende vooruitgang en glo in die investering in die opvoedkundige ontwikkeling van sy personeel. Gedurende die oorsigjaar is vaardigheidsontwikkeling en maatskaplike bystandsprogramme aangebied (3 958 werknemers het formele opleiding ontvang). Die maatskappy bied ook deurlopend leerlingskappe aan en leerlinge wat hierdie programme suksesvol voltooi, word daarna oorweeg vir permanente aanstelling. 'n Totaal van 154 leerlinge is gedurende die oorsigjaar opgelei en almal is na voltooiing in diens geneem. Beplande opleiding vir die 2019/20-jaar sluit, onder meer, Basiese Besigheidsvaardighede, Administratiewe en Rekenaarvaardighede, Beroepsgesondheid en -veiligheid, Leerlingskappe, Bestuursontwikkelingsprogramme, Ambagte en Tegniese Vaardighede, en Pluimvee Tegniese Vaardighede in.

## VERSLAG

Die Komitee het alle pligte en verantwoordelikhede binne sy mandaat, soos hierbo uiteengesit, uitgevoer.

**DAN KRIEK**
Voorsitter: Sosiale en Etiekkomitee



# OUDIT-, RISIKO- EN GELEENTHEIDS-BESTUURSKOMITEE-VERSLAG



COENRAAD FICK

**Hierdie verslag inkorporeer die statutêre verantwoordelikhede van die ouditkomitee, soos vervat in Artikel 94 van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008. Hierdie komitee het gedurende die oorsigjaar as die Oudit-, Risiko- en Geleentheidsbestuurskomitee ("die Komitee") opgetree vir entiteite binne die VKB Groep.**

## SAMESTELLING

Die Komitee bestaan uit ten minste drie direkteure wat tydens die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers op aanbeveling van die Direksie aangestel word. Die Direksie kan ook van tyd tot tyd kundiges tot die Komitee koöpteer of as lede van die Komitee aanstel.

Gedurende die oorsigtydperk het die Komitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure (mnre. CF Fick – Voorsitter, ID Dreyer, LJ Eksteen en GJ Nel). Die Voorsitter van die Direksie, Besturende Direkteur: VKB Groep, Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep, Uitvoerende Hoof: Oudit, verteenwoordigers van die onafhanklike eksterne ouditeure en Interne Oudit, sowel as senior bestuurslede, woon ook die Komiteevergaderings by. Die Komitee het drie keer gedurende die oorsigtydperk vergader, waartydens die Begrotings, Risikobestuursplan en Finansiële Jaarstate, benewens ander aangeleenthede, oorweeg is.

Die interne en eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die Voorsitter van die Komitee en lewer deurlopend verslag aan die toepaslike strukture binne die Groep. Die Voorsitter en die onafhanklike eksterne ouditeure woon die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers by om enige vrae oor die besigheid se finansiële sake en jaarstate te beantwoord.

# OUDIT-, RISIKO- EN GELEENTHEIDSBESTUURSKOMITEE-VERSLAG VERVOLG

## MANDAAT EN VERANTWOORDE-LIKHEDE

Ten opsigte van sy mandaat het die Komitee die volgende pligte en verantwoordelikhede:

1. Om te verseker dat die onderneming se finansiële beplanning, bestuur en rapportering korrek en effektief is, en in ooreenstemming is met toepaslike rekeningkundige beleide en internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde.
2. Die finansiële state, die rekeningkundige praktyke, beleide en prosedures, asook die effektiwiteit van interne finansiële kontroles te oorweeg en hersien.
3. Aanbevelings oor die aanstelling van die onafhanklike eksterne ouditeure te maak en hulle fooie te bepaal.
4. Die onafhanklikheid en effektiwiteit van die eksterne ouditeure te oorweeg, enige nie-ouditwerk deur sodanige ouditeure te oorweeg en te bepaal of die lewering van sodanige dienste hul onafhanklikheid wesenlik sal beïnvloed.
5. Die jaarlikse ouditplan en ouditbegroting te aanvaar.
6. Die effektiwiteit van bestuursinligting, die jaarlikse oudit, interne ouditprogram en interne kontrolestelsel te beoordeel.
7. Te verseker dat die rolle van interne en eksterne oudit op gepaste wyse gedefinieer en geskei is.
8. Nakoming van toepaslike wetgewing en regulatoriese aspekte te monitor.
9. Evaluering van die geïntegreerde verslae en inligtingstegnologie-beheerraamwerk.
10. Behoorlike openbaarmaking, kommunikasie met belanghebbendes en rapportering te verseker.
11. Die Direksie behulpsaam te wees om te verseker dat die onderneming 'n effektiewe beleid en plan vir risikobestuur implementeer ten einde te help om sy strategiese doelstellings te bereik en ook te verseker dat die openbaarmaking rondom risiko's volledig, tydig en relevant is.
12. Om deurgaans die solvabiliteit en likiditeit van die maatskappy en die Groep, met inagneming van alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede, te oorweeg.

## VERSLAG

Die Komitee het alle pligte, soos hierbo uiteengesit, uitgevoer. Die Komitee is voorts tevrede dat die 2019-oudit wat deur die eksterne ouditeure uitgevoer is, onafhanklik was en stem saam met die ouditverslae wat ten opsigte van die Groep uitgereik is.

Voorts het die Komitee die geïntegreerde verslag oorweeg en is tevrede dat:

1. Al die faktore en risiko's, wat moontlik 'n impak kan hê op die integriteit van die jaarverslag, in ag geneem is.
2. Die Finansiële Jaarstate die posisie van die besigheid en die Groep korrek weergee.
3. Die finansiële funksie sowel as die interne finansiële en ander kontroles voldoende is en effektief funksioneer.
4. Die volhoubaarheidsaangeleenthede wat in hierdie verslag geopenbaar is, betroubaar is en nie in konflik met finansiële inligting is nie.
5. Die rapportering van risikobestuur, soos ingesluit in hierdie verslag, tydig, volledig en relevant is.
6. Die vlak van gerusstelling in die verslag lei tot 'n toereikende en doeltreffende beheeromgewing, en die integriteit van die verslae tot beter besluitneming.

**COENRAAD FICK**
Voorsitter: Oudit-, Risiko- en Geleentheidsbestuurskomitee



# DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEDE EN GOEDKEURING



Die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet No. 71 van 2008, bepaal dat die direkteure voldoende rekeningkundige rekords in stand moet hou en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die Finansiële Jaarstate en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hulle verantwoordelikheid om te verseker dat die Finansiële Jaarstate, ter voldoening aan die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS"), 'n redelike weergawe is van die stand van die Groep se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die Finansiële Jaarstate uit te spreek.

Die Finansiële Jaarstate is ooreenkomstig die IFRS opgestel en is gegrond op 'n toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is.

Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die Groep ingestel is en plaas groot klem op die handhawing van streng beheer. Ten einde die direkteure in staat te stel om die vereiste verantwoordelikhede na te kom, stel die Direksie standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verliese op 'n kostedoeltreffende wyse te verminder. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deurgaans in die Groep gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die Groep se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die Groep se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die Groep. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die Groep om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, beheer en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die direkteure is, op grond van die inligting en verduidelikings deur Bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat op die finansiële rekords gesteun kan word vir die opstel van die Finansiële Jaarstate. Enige interne stelsel vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute versekering nie, teen enige beduidende wanverklaring of verlies bied.

Die direkteure het die Groep se kontantvloeivoorspelling vir die jaar tot 31 Maart 2020 nagegaan en is in die lig daarvan en die huidige finansiële posisie oortuig dat die Groep toereikende middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede in die voorsienbare toekoms voort te sit.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike oudit van die Groep se verkorte Finansiële Jaarstate en om daaroor verslag te doen. Die Groep se eksterne ouditeure het 'n onafhanklike oudit uitgevoer. Hulle verslag vorm deel van die volledige Finansiële Jaarstate.

Die verkorte Finansiële Jaarstate wat op bladsye 42 tot 48 uiteengesit word en volgens die lopende saak-beginsel opgestel is, is op 11 Julie 2019 deur die Direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

**PG CARSHAGEN**
Voorsitter

**CF FICK**
Ondervoorsitter

Verklaring van verantwoordelikheid deur die Groep Maatskappysekretaris:

Ingevolge Artikel 88(2)(e) van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008, word gesertifiseer dat die maatskappy die voorgeskrewe opgawes en kennisgewings ingevolge die wet ingedien het, en dat sodanige opgawes en kennisgewings juis, korrek en op datum blyk te wees.

**SC ERASMUS**
Groep Maatskappysekretaris



# 42 DIREKTEURE SE VERSLAG

Dit is vir die direkteure aangenaam om hul verslag oor die Groep se verkorte Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2019 in te dien.

## 1. OORSIG VAN FINANSIËLE RESULTATE EN AKTIWITEITE

Die gekonsolideerde Finansiële Jaarstate is voorberei in ooreenstemming met IFRS en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet No. 71 van 2008. Die rekeningkundige beleide was konsekwent toegepas.

## 2. AANDELEKAPITAAL

| | Getal aandele | |
|---|---|---|
| **Gemagtig** | **2019 ’000** | **2018 ’000** |
| Gewone aandele | 100 000 | 100 000 |
| Klas 2-voorkeuraandele | 10 000 000 | 10 000 000 |
| Klas 3-voorkeuraandele | 1 000 000 | 1 000 000 |
| Klas 4-voorkeuraandele | 10 000 000 | 10 000 000 |

| | | | Getal aandele | |
|---|---|---|---|---|
| **Uitgereik** | **2019 R’000** | **2018 R’000** | **2019 ’000** | **2018 ’000** |
| Gewone aandele | 22 180 | 21 285 | 4 436 | 4 257 |
| Klas 2-voorkeuraandele | 1 637 534 | 1 525 490 | 1 637 534 | 1 525 490 |
| Klas 3-voorkeuraandele | 240 959 | 274 738 | 240 959 | 274 738 |
| Klas 4-voorkeuraandele | 2 887 | 1 828 | 2 887 | 1 828 |
| Skuldbriewe | 7 111 | 6 085 | 7 111 | 6 085 |
| | **1 910 671** | **1 829 426** | **1 892 927** | **1 812 398** |

## 3. DIVIDENDE

Dit is die VKB Groep se beleid om ’n dividend te oorweeg ten opsigte van elke finansiële jaar. Die Direksie oorweeg of die prestasie van die nywerhede aanvaarbaar was tydens die finansiële jaar. Indien die prestasie aanvaarbaar was, sal die verskeie entiteite in die VKB Agri Processors Groep dividende verklaar aan VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. (“VKB Agri Processors”), en uiteindelik aan VKB Beleggings (Edms.) Bpk. (“VKB Beleggings”).

Dividende ten bedrae van R Nul (2018: R40 miljoen) is verklaar en betaal aan aandeelhouers in Maart 2019. ’n R30 miljoen-dividend is na jaareinde verklaar en sal in die 2020 Finansiële Jaarstate reflekteer.

## 4. DIREKSIE

Die direkteure in amp op die datum van hierdie verslag is soos volg:

| Nie-uitvoerend | Wyk | Veranderings |
|---|---|---|
| PG Carshagen - Voorsitter | Wyk 1 - Reitz | |
| CF Fick - Ondervoorsitter | Wyk 1 - Reitz | |
| DP Viljoen | Wyk 2 - Bethlehem, Daniëlsrus, Kestell en Qwaqwa | |
| ID Dreyer | Wyk 3 - Vrede, Memel en Ascent | |
| ID Bosman | Wyk 4 - Petrus Steyn, Heilbron, Senekal en Lindley | |
| JJB Greyling | Wyk 5 - Warden, Harrismith, Bergville en Verkykerskop | |
| DJ Kriek | Wyk 6 - Frankfort en Tweeling | |
| MC de Klerk | Wyk 7 - Jim Fouché, Oranjeville en Windfield | Bedank 26 September 2018 |
| JBS Fourie | Wyk 7 - Jim Fouché, Oranjeville en Windfield | Aangestel 26 September 2018 |
| PJ Cronjé | Wyk 8 - Cornelia en Villiers | |
| J van der Goot | Wyk 15 - Limpopo | |
| JH du Preez | Wyk 15 - Limpopo | |
| LJ Eksteen | Wyk 15 - Limpopo | |
| GJ Nel | Onafhanklik | |
| **Uitvoerend** | | |
| JF Janse van Rensburg | Besturende Direkteur: VKB Groep | |
| MJ Mittermaier | Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep | |

# DIREKTEURE SE VERSLAG VERVOLG

## 5. GEBEURE NA VERSLAGDOENINGSDATUM

Sedert jaareinde het VKB Landbou (Edms.) Bpk. 'n waarborg van R150 miljoen uitgereik ten gunste van Absa Bank vir 'n oortrokke fasiliteit van Multi Green (Edms.) Bpk.

## 6. LOPENDE SAAK

Die direkteure glo dat die Groep oor voldoende finansieringsbronne beskik om met besigheid voort te gaan in die afsienbare toekoms. Die gekonsolideerde Finansiële Jaarstate is dus volgens die lopende saak-beginsel opgestel. Die direkteure is nie bewus van enige wesenlike veranderings wat die Groep negatief sal beïnvloed nie. Die direkteure is ook nie bewus van enige nienakoming van enige statutêre of regulatoriese vereistes, of enige hangende litigasie wat die Groep moontlik kan beïnvloed nie.

## 7. OUDITEURE

Enslins Bethlehem Ingelyf het voortgegaan in amp as onafhanklike eksterne ouditeure vir die maatskappy en sy filiale vir 2019.

## 8. SEKRETARIS

Die Groep Maatskappysekretaris is adv. SC Erasmus.

**Posadres** Posbus 100
REITZ
9810

**Fisiese adres** President CR Swartstraat 31
REITZ
9810

## 9. VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

Die verkorte gekonsolideerde Finansiële Jaarstate is opgestel deur mnr. M Julyan AGA(SA). Die volledige Finansiële Jaarstate is beskikbaar op aanvraag by die Groep Maatskappysekretaris. Die inligting in hierdie verslag is nie aan 'n onafhanklike oudit of oorsig onderwerp nie.





# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

## SOOS OP 31 MAART 2019

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2019 R'000 | 2018 R'000 | 2019 R'000 | 2018 R'000 |
| **BATES** | | | | |
| *Niebedryfsbates* | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 1 750 779 | 1 416 706 | - | - |
| Beleggingseiendom | - | - | 321 534 | 302 983 |
| Klandisiewaarde | 127 572 | 126 032 | - | - |
| Ontasbare bates | 5 478 | 6 995 | - | - |
| Beleggings in filiale | - | - | 1 908 085 | 1 724 048 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | - | 29 863 | - | - |
| Beleggings in geassosieerdes | 7 655 | 5 738 | - | - |
| Ander finansiële bates | 30 271 | 20 101 | - | - |
| Huurkope ontvangbaar | 29 676 | 50 945 | - | - |
| Uitgestelde belasting | 185 787 | 253 845 | 126 | 127 |
| | **2 137 218** | **1 910 225** | **2 229 927** | **2 027 157** |
| *Bedryfsbates* | | | | |
| Voorraad | 1 153 574 | 1 137 015 | - | - |
| Lenings aan groepmaatskappye | - | 31 996 | 17 636 | - |
| Lenings ontvangbaar | 6 231 | 3 620 | - | - |
| Handels- en ander debiteure | 3 420 791 | 3 237 330 | 2 645 | 4 414 |
| Ander finansiële bates | 35 694 | 25 615 | - | - |
| Huurkope ontvangbaar | 22 793 | 32 564 | - | - |
| Inkomstebelasting ontvangbaar | 8 117 | 15 859 | - | 106 |
| Kontant en kontantekwivalente | 126 398 | 102 889 | 16 | 15 |
| | **4 773 598** | **4 586 888** | **20 297** | **4 535** |
| Bates van vervreemdingsgroep | 5 866 | - | 23 663 | 24 878 |
| **Totale bates** | **6 916 682** | **6 497 113** | **2 273 887** | **2 056 570** |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | | |
| **EKWITEIT** | | | | |
| Aandelekapitaal | 1 910 671 | 1 829 426 | 1 910 671 | 1 829 426 |
| Reserwes | (1 057) | (1 690) | - | - |
| Behoue inkomste | 459 334 | 396 799 | 332 918 | 119 708 |
| *Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy* | 2 368 948 | 2 224 535 | 2 243 589 | 1 949 134 |
| Niebeherende belang | 47 563 | 79 565 | - | - |
| | **2 416 511** | **2 304 100** | **2 243 589** | **1 949 134** |

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

SOOS OP 31 MAART 2019


| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2019<br>R'000 | 2018<br>R'000 | 2019<br>R'000 | 2018<br>R'000 |
| **LASTE** | | | | |
| *Niebedryfslaste* | | | | |
| Lenings | 328 135 | 423 742 | - | - |
| Finansiële laste teen billike waarde | 3 037 | - | - | - |
| Huurkoopverpligtinge | 39 238 | 31 475 | - | - |
| Na-aftredeverpligting | 80 983 | 85 192 | - | - |
| Uitgestelde belasting | 202 012 | 177 505 | 8 228 | 6 188 |
| | **653 405** | **717 914** | **8 228** | **6 188** |
| *Bedryfslaste* | | | | |
| Handels- en ander krediteure | 802 417 | 955 024 | 1 449 | 859 |
| Lenings van groepmaatskappye | - | - | 18 742 | 98 701 |
| Lenings van aandeelhouers | 557 307 | 482 854 | - | - |
| Lenings | 185 162 | 176 723 | - | - |
| Finansiële laste teen billike waarde | 10 644 | 62 963 | - | - |
| Huurkoopverpligtinge | 32 503 | 27 320 | - | - |
| Inkomstebelasting betaalbaar | 678 | 1 580 | 674 | - |
| Voorsienings | 1 387 | - | - | - |
| Dividende betaalbaar | 10 000 | - | - | - |
| Oortrokke bank | 2 245 668 | 1 768 635 | - | - |
| | **3 846 766** | **3 475 099** | **20 865** | **99 560** |
| Laste van vervreemdingsgroep | **-** | **-** | **1 205** | **1 688** |
| ***Totale laste*** | **4 500 171** | **4 193 013** | **30 298** | **107 436** |
| ***Totale ekwiteit en laste*** | **6 916 682** | **6 497 113** | **2 273 887** | **2 056 570** |





# GEKONSOLIDEERDE STAAT

## VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE



| | 2019<br>R'000 | 2018<br>R'000 | 2019<br>R'000 | 2018<br>R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Voortgesette bedrywighede** | | | | |
| Omset | 10 720 204 | 10 446 401 | 32 488 | 37 380 |
| Koste van verkope | (9 165 671) | (8 919 379) | - | - |
| **Bruto wins** | **1 554 533** | **1 527 022** | **32 488** | **37 380** |
| **Aansporingskorting** | **250 000** | **260 000** | **-** | **-** |
| **Bruto wins voor aansporingskorting** | **1 804 533** | **1 527 022** | **32 488** | **37 380** |
| Ander bedryfsinkomste | 109 502 | 94 728 | 24 822 | 4 862 |
| Ander bedryfswins/(verlies) | (37 016) | (859) | 549 | (11) |
| Ander bedryfsuitgawes | (1 272 891) | (1 157 216) | (18 767) | (19 107) |
| **Bedryfswins/(verlies)** | **604 128** | **723 675** | **39 092** | **23 124** |
| Beleggingsinkomste | 23 874 | 10 242 | 189 951 | 20 343 |
| Finansieringskoste | (230 728) | (205 042) | (9 620) | (3 028) |
| Inkomste/(uitgawe) uit ekwiteitsverantwoorde beleggings | 8 474 | 5 026 | - | - |
| Ander niebedryfswins/(verlies) | 17 | (5) | - | - |
| **Wins voor aansporingskorting** | **405 765** | **533 896** | **218 891** | **40 439** |
| Aansporingskorting | (250 000) | (260 000) | - | - |
| **Wins/(verlies) voor belasting** | **155 765** | **273 896** | **218 891** | **40 439** |
| Inkomstebelasting | (86 404) | (59 384) | (5 195) | (7 713) |
| **Wins/(verlies) uit voortgesette bedrywighede** | **69 361** | **214 512** | **213 696** | **32 726** |
| **Beëindigde bedrywighede** | | | | |
| Wins uit beëindigde bedrywighede | - | - | (483) | 1 625 |
| **Wins/(verlies) vir die jaar** | **69 361** | **214 512** | **213 213** | **34 351** |
| **Ander omvattende inkomste:** | | | | |
| *Items wat nie as wins of verlies herklassifiseer sal word nie:* | | | | |
| Herwaardasie van na-aftredeverpligting las/bate | 5 777 | 7 692 | - | - |
| Inkomstebelasting wat verband hou met items wat nie herklassifiseer sal word nie | (1 618) | (2 154) | - | - |
| ***Totale items wat nie as wins of verlies herklassifiseer sal word nie*** | **4 159** | **5 538** | **-** | **-** |

# GEKONSOLIDEERDE STAAT
## VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2019<br>R'000 | 2018<br>R'000 | 2019<br>R'000 | 2018<br>R'000 |
| *Items wat moontlik na wins of verlies herklassifiseer kan word:* | | | | |
| Effek van kontantvloeiskanse | 30 014 | 15 994 | - | - |
| Inkomstebelasting wat verband hou met items wat moontlik herklassifiseer kan word | (372) | (4 479) | - | - |
| ***Totale items wat moontlik na wins of verlies herklassifiseer kan word:*** | **29 642** | **11 515** | **-** | **-** |
| **Ander omvattende inkomste vir die jaar netto van inkomstebelasting** | **33 801** | **17 053** | **-** | **-** |
| **Totale omvattende (verlies)/wins vir die jaar** | **103 162** | **231 565** | **213 213** | **34 351** |
| **Wins/(verlies) toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Eienaars van die houermaatskappy | 43 681 | 189 238 | 213 213 | 34 351 |
| Niebeherende belang | 25 680 | 25 274 | - | - |
| | **69 361** | **214 512** | **213 213** | **34 351** |
| ***Totale omvattende inkomste/(verlies) toeskryfbaar aan:*** | | | | |
| Eienaars van die houermaatskappy | 77 482 | 206 291 | 213 213 | 34 351 |
| Niebeherende belang | 25 680 | 25 274 | - | - |
| | **103 162** | **231 565** | **213 213** | **34 351** |





100 JAAR 2019
van LIEFDE vir die LAND

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | 2019<br>R'000 | 2018<br>R'000 | 2019<br>R'000 | 2018<br>R'000 |
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | | | | |
| *Kontant (aangewend in)/gegenereer deur bedrywighede* | 374 546 | 951 268 | 266 894 | 256 767 |
| Rente-inkomste | 23 806 | 9 901 | 142 | 3 |
| Dividendinkomste | 68 | 341 | 189 809 | 20 340 |
| Finansieringskoste | (230 728) | (205 042) | (9 620) | (3 028) |
| Belasting betaal | (22 154) | (27 328) | (3 523) | (701) |
| ***Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite*** | **145 538** | **729 140** | **443 702** | **273 381** |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | | | | |
| Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting | (459 315) | (231 842) | - | - |
| Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | 38 774 | 5 269 | - | - |
| Verkryging van beleggingseiendom | - | - | (25 230) | (55 424) |
| Verkoop van beleggingseiendom | - | - | 7 228 | - |
| Verkryging van ander ontasbare bates | (1 141) | - | - | - |
| Huurkoopontvangste | 31 040 | 21 887 | - | - |
| Lenings toegestaan aan groepmaatskappye | 5 309 | (28 400) | (16 932) | - |
| Ontvangste uit lenings van groepmaatskappye | 26 687 | - | - | 55 849 |
| Verkoop van finansiële bates | 17 | - | (532) | - |
| Ontvangste uit lenings ontvangbaar teen geamortiseerde koste | (2 611) | - | - | - |
| Klandisiewaarde betaal | - | (1 000) | - | - |
| Aankoop van finansiële bates | (20 249) | 77 530 | - | - |
| Bates afgeskryf | - | (627) | - | - |
| Verkoop van ander bates | (8 384) | (5) | - | - |
| (Toename)/afname in beleggings in filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | (27 946) | 5 766 | (184 467) | (166 967) |
| ***Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite*** | **(417 685)** | **(150 422)** | **(219 933)** | **(166 542)** |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | | | | |
| Opbrengs op aandele-uitgifte | 895 | 700 | 895 | 700 |
| Opbrengs op voorkeuraandeel-uitgifte | 1 059 | 985 | 1 059 | 985 |
| Aflos van skuldbriewe/aflosbare voorkeuraandele | (145 280) | (70 202) | (145 280) | (70 202) |
| Terugbetaling van lenings van groepmaatskappye | - | - | (79 959) | - |
| Beweging in langtermynlenings | (87 168) | 257 367 | - | - |
| Terugbetaling van finansiële laste teen billike waarde deur wins en verlies | (49 282) | - | (483) | 1 688 |
| Terugbetaling van aandeelhouerslening | 74 453 | 187 | - | - |
| Huurkoopbetalings | 12 946 | 5 705 | - | - |
| Dividende betaal | 10 000 | (40 000) | - | (40 000) |
| ***Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite*** | **(182 377)** | **154 742** | **(223 768)** | **(106 829)** |
| ***Totale kontantbeweging vir die jaar*** | **(454 524)** | **733 460** | **1** | **10** |
| Saldo aan die begin van die jaar | (1 665 746) | (2 399 206) | 15 | 5 |
| ***Totale kontant aan die einde van die jaar*** | **(2 120 270)** | **(1 665 746)** | **16** | **15** |




100 2019 JAAR
van LIEFDE vir die LAND

# KORPORATIEWE INLIGTING



100 2019 JAAR
van LIEFDE vir die LAND

# VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK.

REGISTRASIENOMMER: 2011/007000/07

**GEREGISTREERDE ADRES**
President CR Swartstraat 31
REITZ
9810

**POSADRES**
Posbus 100
REITZ
9810

**KONTAKNOMMERS**
Telefoon: 087 358 8111
Faks: 058 863 8527

**WEBWERF**
www.vkb.co.za

**BANKIERS**
Standard Bank
Absa Bank

**OUDITEURE**
Enslins Bethlehem Ingelyf
Posbus 357
BETHLEHEM
9700

vir die
LIEFDE
van die
LAND

vkb

100 2019 JAAR
van LIEFDE vir die LAND

VKB Beleggings (Edms.) Bpk. | President CR Swartstraat 31, REITZ, 9810 | Tel. 087 358 8111

vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.**vkb**.co.za